

**ASPEKTE VAN DIE ONDERHOUDSAANSPRAAK TUSSEN EGGENOTES
MET SPESIFIEKE VERWYSING NA EGSKEIDING**

deur

L NEIL VAN SCHALKWYK

**Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad**

DOCTOR LEGUM

in die

Fakulteit Regsgeleerdheid

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Promotor: Prof Dr D J Joubert

April 1987

BEDANKINGS

Ek wil my opregte dank teenoor die volgende persone betuig:

my skoonmoeder vir haar onbaatsugtige en selfopofferende bereidwilligheid met die tik van die verhandeling;

Marinda en my vader met die opstel van die voorlopige sakeregister en bibliografie;

mevrou Ria Viviers en menere Dirk Bezuidenhout en Marcus Mathabe vir hulle altyd vriendelike hulp in die Merensky biblioteek; en die promotor.

Soli Deo gloria.

Maart 1987

Neil van Schalkwyk

INHOUDSOPGAWE

| | |
|----------------------------------------------------------------------------|-------|
| INLEIDING | xv |
| 1. OOGMERK VAN DIE ONDERSOEK | xv |
| 2. UITEENSETTING VAN DIE ONDERSOEK | xv |
| 3. DIE WYSE VAN NAVORSING | xvi |
| AFKORTINGS | xviii |
| AFDELING I | |
| ERKENNING VAN DIE ONDERHOUDSAANSPRAAK TUSSEN EGGENOTES | 1 |
| HOOFSTUK 1 | |
| DIE ONDERHOUDSAANSPRAAK <u>STANTE MATRIMONIO</u> | 1 |
| 1.1 INLEIDING | 1 |
| 1.2 ROMEINSE REG | 1 |
| 1.3 DIE ROMEINS-HOLLANDSE REG | 2 |
| 1.4 DIE SUID-AFRIKAANSE REG | 4 |
| 1.4.1 Onderhoud <u>stante matrimonio</u> waar die eggenotes saambly | 4 |
| 1.4.1.1 Inleiding | 4 |
| 1.4.1.2 Erkenning van 'n wedersydse onderhoudsaanspraak tussen eggenotes | 4 |
| 1.4.1.3 Die primêre plig tot onderhoud | 5 |
| 1.4.1.4 Huishoudelike benodighede | 6 |
| 1.4.1.5 Handhawing van die onderhoudsaanspraak teenoor derdes | 12 |
| 1.4.1.5.1 Inleiding | 12 |
| 1.4.1.5.2 Spesifieke gevalle | 13 |
| 1.4.1.5.2.1 Dood van die broodwinner | 13 |
| 1.4.1.5.2.1.1 Die regsplig tot onderhoud | 13 |
| 1.4.1.5.2.1.2 Vermoënskade | 15 |
| 1.4.1.5.2.2 Nie-noodlottige besering van broodwinner | 15 |
| 1.4.1.5.2.2.1 Posisie voor die Wet op Verdeling van Skadevergoeding, 1956 | 15 |
| 1.4.1.5.2.2.2 Posisie onder die Wet op Verdeling Van Skadevergoeding, 1956 | 17 |

| | | |
|-------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------|----|
| 1.4.2 | Onderhoud <u>stante matrimonio</u> waar die eggenotes nie saam= bly nie | 18 |
| 1.4.2.1 | Huishoudelike benodigdhede | 18 |
| 1.4.2.2 | Geregtelike Skeiding | 23 |
| 1.4.2.2.1 | Inleiding | 23 |
| 1.4.2.2.2 | Die Gemenerereg | 24 |
| 1.4.2.2.3 | Die Suid-Afrikaanse reg | 25 |
| 1.5 | AFDWINGING VAN DIE ONDERHOUDSPLIG <u>STANTE MATRIMONIO</u> | 27 |
| 1.5.1. | Onderhoud <u>pendente lite</u> | 27 |
| 1.5.1.1 | Inleiding | 27 |
| 1.5.1.2 | Die applikant moet behoefdig wees | 27 |
| 1.5.1.3 | Die respondent moet instaat wees om onderhoud te verskaf | 27 |
| 1.5.1.4 | Die applikant moet 'n <u>prima facie</u> saak hê | 28 |
| 1.5.2 | Onderhoudsaansoeke en -eise <u>non pendente lite</u> | 32 |
| 1.5.2.1 | Inleiding | 32 |
| 1.5.2.2 | Statutêre maatreëls in die Provinsies | 32 |
| 1.5.2.2.1 | Inleiding | 32 |
| 1.5.2.2.2 | Provinsiale Wetgewing | 32 |
| 1.5.2.2.3 | Doel van die wetgewing | 34 |
| 1.5.2.3 | Die Wet op Onderhoud, Wet 23 van 1963 | 35 |
| 1.5.2.3.1 | Inleiding | 35 |
| 1.5.2.3.2 | Die tersaaklike bepalings van die Wet | 35 |
| 1.5.2.3.3 | Doelstellings van die Wet op Onderhoud | 36 |
| 1.5.2.4 | Onderhoudseise buite die statutêre maatreëls | 37 |
| 1.6 | VERBLYFREG IN DIE GESINSWONING | 39 |
| 1.7 | TUSSENTYDSE GEDINGKOSTE | 44 |
| HOOFSTUK 2 | | |
| DIE ONDERHOUDSAANSpraak BY ONTBINDING VAN DIE HUWELIK | | 58 |
| 2.1 | DIE ONTBINDING VAN DIE HUWELIK DEUR DOOD VAN EEN VAN DIE EGGENOTES | 58 |

| | | |
|----------------------------------------------------|----------------------------------------------------|----|
| 2.1.1 | Inleiding | 58 |
| 2.1.2 | Die Romeinse reg | 58 |
| 2.1.3 | Die Romeins-Hollandse reg | 61 |
| 2.1.4 | Die Suid-Afrikaanse reg | 66 |
| 2.2 | DIE ONTBINDING VAN DIE HUWELIK DEUR EGSKEIDING | 70 |
| 2.2.1 | Die Romeinse reg | 70 |
| 2.2.2 | Die Romeins-Hollandse reg | 74 |
| 2.2.3 | Die Suid-Afrikaanse reg | 79 |
| 2.2.3.1 | Die Suid-Afrikaanse Hofbeslissings | 79 |
| 2.2.3.2 | Die Suid-Afrikaanse skrywers | 87 |
| 2.2.3.2.1 | Skrywers wat die aanspraak ontken | 87 |
| 2.2.3.2.2 | Skrywers wat die aanspraak erken | 87 |
| 2.2.3.3 | Gevolgtrekking | 88 |
| 2.3 | ONDERHOUD NA EGSKEIDING OP GROND VAN OOREENKOMS | 89 |
| 2.3.1 | Inleiding | 89 |
| 2.3.2 | Natal | 89 |
| 2.3.3 | Oranje-Vrystaat | 90 |
| 2.3.4 | Oos-Kaap | 91 |
| 2.3.5 | Transvaal | 91 |
| 2.3.6 | Kaap die Goeie Hoop | 92 |
| 2.3.7 | Opsommend | 93 |
| AFDELING II | | |
| DIE MATERIËLE REG INSAKE ONDERHOUD BY EGSKEIDING | | 94 |
| HOOFSTUK 1 | | |
| ERKENNING VAN 'N ONDERHOUDSAANSPRAAK BY EGSKEIDING | | 94 |
| 1.1 | INLEIDING | 94 |
| 1.2 | DIE WET OP HUWELIKSAANGELEENTHEDE, WET 37 VAN 1953 | 94 |
| 1.2.1 | Artikel 10(1)(a) | 94 |
| 1.2.2 | Artikel 10(1)(b) | 96 |
| 1.2.3 | Artikel 10(2) | 98 |

| | | |
|-------------|-------------------------------------------------------------|-----|
| 1.3 | DIE WET OP EGSKEIDING, WET 70 VAN 1979 | 99 |
| 1.4 | SAMEVATTING | 101 |
| 1.5 | NOMINALE ONDERHOUD | 104 |
| 1.6 | AFSTANDDOENING VAN ONDERHOUD BY EGSKEIDING | 110 |
| 1.7 | AFSTANDDOENING VAN WYSIGING VAN 'N ONDERHOUDSBEVEL | 117 |
| | HOOFSTUK 2 | |
| | FAKTORE TEN AANSIEN VAN ONDERHOUDSVOORSIENING BY EGSKEIDING | 125 |
| 2.1 | INLEIDING | 125 |
| 2.A | DIE ENGELSE REG | 125 |
| 2.A.1 | ALGEMEEN | 125 |
| 2.A.2 | SOORTE BEVELE | 126 |
| 2.A.2.1 | Algemeen | 126 |
| 2.A.2.2 | Periodieke bevele | 126 |
| 2.A.2.2.1 | Versekerde periodieke bevele | 126 |
| 2.A.2.2.1.1 | Algemeen | 126 |
| 2.A.2.2.1.2 | Faktore wat spesifiek hierby geld | 126 |
| 2.A.2.2.1.3 | Voordele van die bevel | 127 |
| 2.A.2.2.2 | Onversekerde periodieke bevele | 127 |
| 2.A.2.3 | Lompsombevele | 128 |
| 2.A.2.3.1 | Algemeen | 128 |
| 2.A.2.3.2 | Spesifieke faktore wat hierby geld | 129 |
| 2.A.2.3.3 | Voordele van hierdie bevele | 130 |
| 2.A.2.3.4 | Nadele van hierdie bevele | 131 |
| 2.A.2.3.5 | Waarde-oordeel oor hierdie bevele | 132 |
| 2.A.2.4 | Eiendomsordragbevele | 132 |
| 2.A.2.4.1 | Algemeen | 132 |
| 2.A.2.4.2 | Spesifieke faktore wat hierby geld | 132 |
| 2.A.2.5 | Eiendomsbeskikkingsbevele | 133 |

| | | |
|-------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 2.A.2.6 | Wysigingsbevele van voor- en na-huweliksbebakings | 133 |
| 2.A.2.6.1 | Algemeen | 133 |
| 2.A.2.6.2 | Spesifieke faktore wat hierby geld | 134 |
| 2.A.2.7 | Bevele wat die aanspraak van enige van die eggenotes. ingevolge 'n bemaking kan uitwis of verminder | 134 |
| 2.A.2.8 | Verkoopbevele | 135 |
| 2.A.2.9 | Waardeoordeel oor bevele 2.A.2.3-2.A.2.8 | 135 |
| 2.A.2.10 | Bevele ingevolge ooreenkomste | 135 |
| 2.A.2.10.1 | Algemeen | 135 |
| 2.A.2.10.2 | "Clean break"-ooreenkomste | 139 |
| 2.A.2.10.3 | Ooreenkomste wat buite die bepalings waarvoor die Wet voorsiening maak, val | 142 |
| 2.A.2.11 | Afwysingsbevele van periodieke onderhoud | 142 |
| 2.A.2.12 | Nominale bevele | 146 |
| 2.A.3 | FAKTORE BY FINANSIËLE VOORSIENING | 147 |
| 2.A.3.1 | Algemeen | 147 |
| 2.A.3.2 | "All the circumstances of the case, first consideration being given to the welfare while a minor of <u>any</u> child of the family who has not attained the age of eighteen." - Artikel 25(1) | 148 |
| 2.A.3.3 | Die faktore spesifiek vermeld in artikel 25(2) | 150 |
| 2.A.3.3.1 | Inleiding | 150 |
| 2.A.3.3.2 | "The income, earning capacity, property and other financial resources which each of the parties to the marriage has or is likely to have in the foreseeable future, including in the case of earning capacity any increase in the capacity which it would in the opinion of the court be reasonable to expect a party to the marriage to take steps to acquire" - Artikel 25(2)(a) | 150 |
| 2.A.3.3.2.1 | Algemeen | 151 |
| 2.A.3.3.2.2 | Inkomste uit hoofde van verdienste | 151 |
| 2.A.3.3.2.3 | Kapitale bates | 151 |
| 2.A.3.3.2.4 | Geldleen fasiliteite | 152 |
| 2.A.3.3.2.5 | Vrywillige toelaes | 152 |

| | | |
|-------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 2.A.3.3.2.6 | "Supplementary Benefits" | 153 |
| 2.A.3.3.2.7 | Potensiële Verdienvermoë | 154 |
| 2.A.3.3.2.8 | "Other financial resources" | 157 |
| 2.A.3.3.2.9 | "Foreseeable future" | 159 |
| 2.A.3.3.3 | "The financial needs, obligations and responsibilities which each of the parties to the marriage has or is likely to have in the foreseeable future" - Artikel 25(2)(b) | 159 |
| 2.A.3.3.4 | "The standard of living enjoyed by the family before the breakdown of marriage" - Artikel 25(2)(c) | 161 |
| 2.A.3.3.5 | "The age of each party to the marriage and the duration of the marriage" - Artikel 25(2)(d) | 162 |
| 2.A.3.3.5.1 | Die ouderdom van elk van die partye | 162 |
| 2.A.3.3.5.2 | Die duur van die huwelik | 163 |
| 2.A.3.3.6 | "Any physical or mental disability of either of the parties to the marriage" - Artikel 25(2)(e) | 165 |
| 2.A.3.3.7 | "The contributions which each of the parties has made or is likely in the foreseeable future to make to the welfare of the family, including any contribution by looking after the home or caring for the family" - Artikel 25(2)(f) | 166 |
| 2.A.3.3.8 | "The conduct of each of the parties, if that conduct is such that it would in the opinion of the court be inequitable to disregard it" - Artikel 25(2)(g) | 169 |
| 2.A.3.3.8.1 | Inleiding | 169 |
| 2.A.3.3.8.2 | Watter gedrag word in aanmerking geneem? | 169 |
| 2.A.3.3.8.3 | Wat word bedoel met "obvious and gross"? | 172 |
| 2.A.3.3.8.4 | Gedrag is nie beperk tot huweliksgedrag nie | 173 |
| 2.A.3.3.8.5 | Verklarende bevels oor gedrag | 174 |
| 2.A.3.3.8.6 | Hoe beïnvloed gedrag, die finansiële bevel? | 174 |
| 2.A.3.3.9 | "In the case of proceedings for divorce or nullity of marriage, the value to each of the parties to the marriage of any benefit (for example, a pension) which, by reason of dissolution or annulment of the marriage, that party will lose the chance of acquiring" - Artikel 25(2)(h) | 175 |

| | | |
|---------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 2.A.3.4 | Die statutêre oogmerk | 178 |
| 2.A.3.5 | Artikel 25A as faktor | 179 |
| 2.A.3.6 | Die een-derde-reël | 180 |
| 2.A.3.6.1 | Motivering van die reël | 180 |
| 2.A.3.6.2 | Dit is nie 'n regsreël' nie | 181 |
| 2.A.3.6.3 | Gevalle waar die reël nie toepassing vind nie | 181 |
| 2.A.3.6.3.1 | Die geslag van die applikant | 181 |
| 2.A.3.6.3.2 | Waar die partye tot die laer inkomstegroep behoort | 182 |
| 2.A.3.6.3.3 | Waar die partye welaf is | 182 |
| 2.A.3.6.3.4 | Waar die partye kort getroud is | 182 |
| 2.A.3.6.3.5 | Verhouding tussen periodieke en kapitale bevele | 183 |
| 2.A.3.6.3.6 | Hertroue en kohabitasie | 183 |
| 2.A.3.6.3.7 | Gedrag van die partye | 183 |
| 2.A.3.6.4 | Gevalle waar die reël toepassing vind | 184 |
| 2.A.3.6.4.1 | Periodieke bevele ingevolge artikels 23(1)(a) en (b) | 184 |
| 2.A.3.6.4.2 | Eiendomsoordragbevele en andere ingevolge artikels 24(1) (a), (b), (c), (d) en lomsombevele ingevolge artikel 23(1)(c) | 184 |
| 2.A.3.6.4.2.1 | Inleiding | 184 |
| 2.A.3.6.4.2.2 | "Familiebates" | 184 |
| 2.A.3.6.4.2.3 | Bates wat nie "familiebates" is nie | 185 |
| 2.A.3.6.4.2.4 | Die gesinswoning | 185 |
| 2.A.3.6.5 | Die waarde van die reël | 189 |
| 2.A.3.6.6 | Kritiek teen die reël | 189 |
| 2.A.4 | EVALUASIE VAN DIE BEGINSELS | 190 |
| 2.A.4.1 | Algemeen | 190 |
| 2.A.4.2 | Die "minimal loss" of kompensasiëbeginsel | 192 |
| 2.A.4.3 | Die "entitlement" of vergoedingsbeginsel | 197 |
| 2.A.4.4 | Die behoefte-beginsel | 202 |
| 2.A.4.4.1 | Die behoeftes van elke eggenoot | 202 |

| | | |
|-----------------|----------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 2.A.4.4.2 | Die behoeftes van die kinders | 202 |
| 2.A.4.5 | Die selfvoorsienendheidsbeginsel | 203 |
| 2.A.4.6 | Beginsels waaraan erkenning verleen moet word | 204 |
| 2.A.4.6.1 | Die vennootskapsbeginsel | 204 |
| 2.A.4.6.2 | Die gelyke-risiko-beginsel | 205 |
| 2.A.4.6.3 | Die selfvoorsienendheidsbeginsel | 206 |
| 2.A.4.6.4 | Die rol wat gedrag by finansiële voorsiening moet speel | 207 |
| 2.A.4.6.5 | Die behoeftes van kinders as grondbeginsel | 208 |
| 2.A.4.7 | Die Skotse model as voorbeeld | 208 |
| 2.A.4.8 | Gevolgtrekking | 212 |
| 2.B | DIE SUID-AFRIKAANSE REG | 214 |
| 2.B.1 | FAKTORE WAT IN AG GENEEM WORD BY DIE TOEKENNING VAN ONDERHOUD TUSSEN EGGENOTES BY EGSKEIDING | 214 |
| 2.B.1.1 | Geen onderhoudsooreenkoms | 214 |
| 2.B.1.1.1 | Die basiese beginsels | 214 |
| 2.B.1.1.2 | Die onderhoudsbehoefte van die eiser | 216 |
| 2.B.1.1.2.1 | Algemeen | 216 |
| 2.B.1.1.2.2 | Die behoefte | 216 |
| 2.B.1.1.2.3 | Privaatskulde en verpligtinge van die eiser | 219 |
| 2.B.1.1.2.4 | Die vermoë van die eiser | 220 |
| 2.B.1.1.2.4.1 | Algemeen | 220 |
| 2.B.1.1.2.4.2 | Die verdienvermoë | 221 |
| 2.B.1.1.2.4.3 | Potensiële verdienvermoë | 222 |
| 2.B.1.1.2.4.4 | Inkomste uit ander bronne | 223 |
| 2.B.1.1.2.4.4.1 | Algemeen | 223 |
| 2.B.1.1.2.4.4.2 | Bestaande vermoëns | 223 |
| 2.B.1.1.2.4.4.3 | Verwagte vermoëns | 231 |
| 2.B.1.1.2.4.4.4 | Vrywillige toelaes | 232 |
| 2.B.1.1.3 | Die vermoë van die aanspreeklike om onderhoud te betaal | 233 |
| 2.B.1.1.3.1 | Algemeen | 233 |

| | | |
|-----------------|---------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 2.B.1.1.3.2 | Die vermoë | 233 |
| 2.B.1.1.3.2.1 | Die verdienvermoë van die aanspreeklike | 233 |
| 2.B.1.1.3.2.2 | Die potensiele verdienvermoë van die aanspreeklike | 235 |
| 2.B.1.1.3.2.3 | Inkomste uit ander bronne | 236 |
| 2.B.1.1.3.2.3.1 | Algemeen | 236 |
| 2.B.1.1.3.2.3.2 | Bestaande vermoë | 236 |
| 2.B.1.1.3.2.3.3 | Verwagte vermoë | 237 |
| 2.B.1.1.3.2.4 | Die onderhoudsbehoefte en toelaatbare aftrekkings van die aanspreeklike | 237 |
| 2.B.1.1.3.2.4.1 | Die onderhoudsbehoefte van die aanspreeklike | 237 |
| 2.B.1.1.3.2.4.2 | Ander toelaatbare aftrekkings | 238 |
| 2.B.1.1.4 | Die verhouding tussen die onderhoudsbehoefte van die eiser en die vermoë van die verweerder | 238 |
| 2.B.1.1.5 | Die diskresie om onderhoud te vermeerder of te verminder | 241 |
| 2.B.1.1.5.1 | Algemeen | 241 |
| 2.B.1.1.5.2 | Die ouderdom van elk van die partye | 241 |
| 2.B.1.1.5.3 | Die duur van die huwelik | 242 |
| 2.B.1.1.5.4 | Lewenspeil van die partye voor die egskeiding | 248 |
| 2.B.1.1.5.5 | Die gedrag van die partye vir sover dit op die verbrekking van die huwelik betrekking het | 248 |
| 2.B.1.1.5.6 | Enige ander faktor wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word | 257 |
| 2.B.1.1.5.6.1 | Algemeen | 257 |
| 2.B.1.1.5.6.2 | Gesindheid van die verweerder | 257 |
| 2.B.1.1.5.6.3 | Nominale onderhoudsbevele | 260 |
| 2.B.1.1.5.6.4 | Die onderhoudsaanspraak <u>stante matrimonio</u> en die onderhoudsaanspraak by egskeiding | 261 |
| 2.B.1.1.5.6.5 | Inflasie | 261 |
| 2.B.1.1.5.6.5.1 | Algemeen | 261 |
| 2.B.1.1.5.6.5.2 | Word inflasie in ag geneem? | 262 |
| 2.B.1.1.5.6.6 | Voorhuwelikse kohabitasie | 265 |

| | | |
|---------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 2.B.1.1.6 | Gevolgtrekking | 265 |
| 2.B.1.1.6.1 | Inleiding | 265 |
| 2.B.1.1.6.2 | Die regsfungering van onderhoud by egskeiding | 265 |
| 2.B.1.1.6.3 | Beginnels wat die toekenning van onderhoud ten grondslag lê | 268 |
| 2.B.1.1.6.3.1 | Die behoefte-beginsel | 268 |
| 2.B.1.1.6.3.2 | Die vergoedingsbeginsel | 269 |
| 2.B.1.1.6.3.3 | Die "clean break"-beginsel | 273 |
| 2.B.1.1.6.3.4 | Die kompensasiëbeginsel | 275 |
| 2.B.1.1.6.4 | Aanbevelings vir verbetering | 276 |
| 2.B.1.1.6.4.1 | Inleiding | 276 |
| 2.B.1.1.6.4.2 | Behuising | 276 |
| 2.B.1.1.6.4.3 | Meer staatshulp en ondersteuning aan geskeides | 276 |
| 2.B.1.1.6.4.4 | Die gelyke-risiko-beginsel | 277 |
| 2.B.1.1.6.4.5 | Blootstelling van die finansiële posisie van die partye | 277 |
| 2.B.1.2 | Onderhoudsooreenkomste ingevolge artikels 10(1)(b) en 10(2) van die Wet op Huweliksaangeleenthede 1953, soos vervang deur artikel 7(1) van die Wet op Egskeiding 1979 | 277 |
| 2.B.1.2.1 | Die doel van onderhoudsooreenkomste | 277 |
| 2.B.1.2.2 | Formeelregtelike vereistes van onderhoudsbevele ingevolge onderhoudsooreenkomste | 279 |
| 2.B.1.2.2.1 | Die hof wat die onderhoudsbevel maak (Jurisdiksie van die hof) | 279 |
| 2.B.1.2.3 | Materieelregtelike vereistes van onderhoudsbevele ingevolge onderhoudsooreenkomste | 281 |
| 2.B.1.2.3.1 | Vormvereistes waaraan die onderhoudsooreenkoms moet voldoen | 282 |
| 2.B.1.2.3.2 | Die tydsmoment in onderhoudsooreenkomste ingevolge artikel 10(1)(b) van die Wet op Huweliksaangeleenthede, 1953 soos gewysig deur artikel 7(1) van die Wet op Egskeiding, 1979 | 282 |
| 2.B.1.2.3.3 | Die begunstigde ingevolge onderhoudsooreenkomste | 283 |
| 2.B.1.2.3.4 | Die bevoegdheid van die hof by die maak van onderhoudsbevele ingevolge onderhoudsooreenkomste | 285 |

| | | |
|-----------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 2.B.1.2.3.4.1 | Diskresionêre bevoegdheid van die hof | 285 |
| 2.B.1.2.3.4.2 | Bevoegdheid van die hof om ingevolge artikel 10(2) 'n onderhoudsooreenkoms deel van die oorspronklike bevel te maak | 287 |
| 2.B.1.2.3.5 | Geldigheid en gevolge van besondere bepalinge in onderhoudsooreenkomste | 288 |
| 2.B.1.2.3.5.1 | Inleiding | 288 |
| 2.B.1.2.3.5.2 | Die <u>dum casta et sola vixerit</u> -bepaling | 288 |
| 2.B.1.2.3.5.3 | Afstanddoeningsbepalinge in onderhoudsooreenkomste | 289 |
| 2.B.1.2.3.5.4 | Bepaling in die ooreenkoms dat eiser die onderhoudsvorsiening sal maak | 291 |
| 2.B.1.2.3.5.5 | Dood en hertroue as ontbindende voorwaardes in onderhoudsooreenkomste | 292 |
| 2.B.1.2.3.5.5.1 | Dood as ontbindende voorwaarde | 292 |
| 2.B.1.2.3.5.5.2 | Hertroue as ontbindende voorwaarde | 293 |
| 2.B.1.2.3.5.6 | Eskalasiëklousules | 294 |
| 2.B.1.2.3.5.7 | Bateverdelings- en lomsombepaling | 295 |
| 2.B.1.2.3.5.8 | Enige ander bepaling | 297 |
| 2.2 | DIE TWEE STELSLS - 'N SLOTBESKOUIING | 297 |
| HOOFSTUK 3 | | |
| | DIE WYSIGING, INTREKING EN OPSKORTING VAN 'N ONDERHOUDSBEVEL | 302 |
| 3.1 | DIE DOEL VAN HIERDIE BEVOEGDHEID | 302 |
| 3.2 | DIE BEWYSLAS | 302 |
| 3.3 | JURISDIKSIE VAN DIE HOF OM BEVELE TE WYSIG | 302 |
| 3.4 | DIE BEVOEGDHEID VAN DIE HOF INGEVOLGE ARTIKEL 10 VAN DIE WET OP HUWELIKSAANGELEENTHEDE, 1953, SOOS VERVANG MET ARTIKEL 8 VAN DIE WET OP EGSKEIDING, 1979 | 306 |
| 3.4.1 | Inleiding | 306 |
| 3.4.2 | Die begrip "onderhoudsbevel" | 306 |
| 3.4.2.1 | Die begunstigde ingevolge die onderhoudsbevel | 306 |
| 3.4.2.2 | Die vorm van onderhoudsbevele | 307 |
| 3.4.2.3 | Die begrip "onderhoud" | 312 |
| 3.4.2.3.1 | Inleiding | 312 |

| | | |
|---------------|-----------------------------------------------------------------------|-----|
| 3.4.2.3.2 | Kinders | 312 |
| 3.4.2.3.3 | Ouers | 315 |
| 3.4.2.3.4 | Broers of Susters | 315 |
| 3.4.2.3.5 | Eggenotes | 316 |
| 3.4.2.4 | Die begrip "bevel" | 317 |
| 3.4.2.5 | Samevatting | 324 |
| 3.4.3 | Die begrippe "wysig", "opskort" en "intrek" | 325 |
| 3.4.4 | Dood van onderhoudspligtige | 326 |
| 3.4.5 | Retrospektiewe wysigingsbevoegdheid | 328 |
| 3.4.6 | Inperking van die hof se wysigingsbevoegdheid | 334 |
| 3.5 | FAKTORE VIR WYSIGING, INTREKKING OF OPSKORTING VAN 'N ONDERHOUDSBEVEL | 335 |
| 3.5.1 | Inleiding | 335 |
| 3.5.2 | Die statutêre bepalings | 335 |
| 3.5.3 | "Voldoende rede" - ondefinieerbaar | 336 |
| 3.5.4 | Omstandighede wat kwalifiseer as "voldoende rede" | 337 |
| 3.5.4.1 | Die algemene beginsels | 337 |
| 3.5.4.2 | Veranderde finansiële omstandighede | 339 |
| 3.5.4.2.1 | Verandering in vermoë | 339 |
| 3.5.4.2.1.1 | Algemeen | 339 |
| 3.5.4.2.1.2 | Erflatings en/of skenkings | 340 |
| 3.5.4.2.1.3 | Verdienvermoë | 341 |
| 3.5.4.2.1.4 | Beleggingsverpligting | 343 |
| 3.5.4.2.1.5 | Inflasie as wysigende faktor | 344 |
| 3.5.4.2.2 | Verandering in behoeftes | 352 |
| 3.5.4.2.2.1 | Algemeen | 352 |
| 3.5.4.2.2.2 | Gesondheid | 353 |
| 3.5.4.2.2.3 | Ouderdom | 355 |
| 3.5.4.2.2.4 | Diverse ander omstandighede | 355 |
| 3.5.4.2.2.4.1 | Algemeen | 355 |

| | | |
|-------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 3.5.4.2.2.4.2 | Kapitale uitgawes | 356 |
| 3.5.4.2.2.4.3 | Hertroue | 357 |
| 3.5.4.2.2.4.4 | Stiefkinders | 363 |
| 3.5.4.2.2.4.5 | Eie kinders | 364 |
| 3.5.4.3 | Morele en billikheidsfaktore | 364 |
| 3.5.4.3.1 | Algemeen | 364 |
| 3.5.4.3.2 | Onderhandelingsomstandighede by onderhoudsooreenkomste | 365 |
| 3.5.4.3.3 | Onderhoudsbevele uitgevaardig voor inwerkingtreding van die Wet op Huweliksaangeleenthede, 1953 | 368 |
| 3.5.4.3.4 | Die onskuldige het die onderhoudsonderneming gemaak | 369 |
| 3.5.4.3.5 | Wysigingsooreenkoms | 371 |
| 3.5.4.3.6 | Misleiding van die hof deur een van die partye | 375 |
| 3.5.4.3.7 | Tydsverloop | 376 |
| 3.5.4.3.8 | Motief | 376 |
| 3.5.4.3.9 | Gedrag van die onderhoudsgeregtigde | 377 |
| 3.5.4.4 | Spesifieke gevalle | 384 |
| 3.5.4.4.1 | Die wysiging van agterstallige onderhoud | 384 |
| 3.5.4.4.1.1 | Inleiding | 384 |
| 3.5.4.4.1.2 | Wysiging van agterstallige onderhoud | 385 |
| 3.5.4.4.1.3 | Wysiging van die vonnis waarvoor 'n lasbrief vir eksekusie uitgereik is | 386 |
| 3.5.4.4.1.4 | Terugdatering van 'n wysigingsaansoek | 387 |
| 3.5.4.4.1.5 | Die terugbetalingswyse | 388 |
| 3.5.4.4.2 | Die wysiging van 'n onderhoudsbevel na die dood van 'n pligtige | 389 |
| 3.6 | APPÈLBEVOEGDHEID | 391 |
| 3.7 | GEVOLGTREKKING | 392 |
| HOOFSTUK 4 | | |
| DIE BEÏNDIGING VAN ONDERHOUDSBEVELE | | 394 |
| 4.1 | INLEIDING | 394 |
| 4.2 | DOOD VAN EEN OF ALBEI VAN DIE PARTYE | 394 |

| | | |
|-------|----------------------------------------------------------------------|-----|
| 4.3 | SEKWESTRASIE VAN DIE PLIGTIGE SE BOEDEL | 398 |
| 4.4 | HERTROUE EN VERWANTE AANGELEENTHEDE | 408 |
| 4.4.1 | Hertroue van die geregtigde | 408 |
| 4.4.2 | Nietige huwelik gesluit deur die geregtigde | 409 |
| 4.4.3 | Vernietigbare huwelik gesluit deur die geregtigde | 410 |
| 4.4.4 | Onkuisse gedrag van die onderhoudsgeregtigde | 412 |
| 4.5 | AFSTANDDOENING VAN DIE REG OP ONDERHOUD INGEVOLGE 'N ONDERHOUDSBEVEL | 412 |
| 4.6 | ANDER BEPALINGS VAN DIE ONDERHOUDSBEVEL | 413 |
| 4.7 | INTREKKING VAN DIE ONDERHOUDSBEVEL DEUR DIE HOF | 413 |
| 4.8 | GEVOLGTREKKING | 414 |
| | AFDELING III SLOTBESKOUING | 416 |
| | OPSOMMING | 420 |
| | SUMMARY | 422 |
| | STATUTE REGISTER | 424 |
| 1. | Engeland | 424 |
| 2. | Suid-Afrika | 426 |
| 3. | Zimbabwe | 429 |
| | SAKEREGISTER | 430 |
| 1. | Engeland | 430 |
| 2. | Suid-Afrika en Zimbabwe | 436 |
| 3. | Verenigde State van Amerika | 458 |
| | BIBLIOGRAFIE | 459 |

INLEIDING

1. OOGMERK VAN DIE ONDERSOEK

Onderhoud tussen eggenotes is 'n onderwerp waarmee 'n voornemende regsgeleerde reeds by die meeste Suid-Afrikaanse universiteite in die eerste studiejaar kennis maak. Alle handboeke oor die familiereg raak hierdie onderwerp aan. Daar bestaan egter geen uitgebreide navorsing oor die onderwerp in ons regsliteratuur nie en die doel is om hierdie leemte te vul. Die doel met die ondersoek is om die onderhoudsaanspraak tussen eggenotes by egskeiding te sistematiseer en om die belangrikste aspekte hiervan te ondersoek en te evalueer. Weens die wye omvang hiervan is dit 'n haas onmoontlike taak om 'n uitputtende ondersoek van alle aspekte te doen, maar word daar gepoog om 'n beeld van die reg insake die onderhoudsaanspraak by egskeiding te gee om as verwysingsraamwerk vir die probleme wat daarmee ondervind mag word, te dien.

Die ondersoek is toegespits op die aanspraak tussen eggenotes en dan spesifiek by egskeiding. Daar word sydelings na die aanspraak stante matrimonio verwys maar die ondersoek is nie hierop toegespits nie.

2. UITEENSETTING VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek word in twee afdelings behandel.

Afdeling I handel oor die erkenning van die onderhoudsaanspraak tussen eggenotes. Weens die omvang van die erkenning van die aanspraak is die gedagte nie om 'n histories uitputtende uiteensetting hiervan te gee nie, maar word daar gepoog om, onder die verskeie aspekte wat hieronder bespreek word, kortliks op die gemeenregtelike agtergrond te wys. Dit is daarom, dat daar nie, soos tradisioneel die gebruik is, 'n aparte afdeling waaronder die historiese ondersoek geloods word, bestaan nie. Dit sou ook futiel wees om enige historiese erkenning van die aanspraak by egskeiding te probeer vind.¹

In afdeling II word die materiële reg insake die aanspraak krities ondersoek. Die ondersoek neem die toepaslike bepalinge van die herroepe Wet op Huweliksaangeleenthede² in oënskou en vorm saam met die bepalinge

1. Hieronder I 2 2.

2. Art 10 van Wet 37 van 1953.

van die huidige Wet op Egskeiding¹ die sentrale ondersoekgebied. In hoofstuk 2² word die faktore wat onderhoudstoekenning ten grondslag lê, ondersoek. Die faktore wat die Engelse reg in ag neem by finansiële voorsiening na egskeiding word ook hier bespreek en ek wy nie 'n aparte afdeling hieraan nie.

In die ondersoek word daar gewys op die onderskeid wat die Engelse en die Suid-Afrikaanse reg by ontbinding van die huwelik deur egskeiding ten grondslag lê en word hierdie beginsels geëvalueer en voorstelle vir verbetering aan die hand gedoen.

'n Ondersoek word ook aan die faktore wat vir wysiging van 'n onderhoudsbevel aangetoon moet word, gewy³ en die ondersoek sluit af met 'n hoofstuk⁴ wat handel oor die beëindiging van onderhoudsbevele.

3. DIE WYSE VAN NAVORSING

Soos reeds hierbo van gewag gemaak is, lewer 'n gemeenregtelike ondersoek na die erkenning van die aanspraak by egskeiding weinig op. Die swygzaamheid van die meeste gemeenregtelike skrywers hieroor dwing 'n mens tot die slotsom dat die aanspraak nie bestaan het nie. In dié lig gesien, het die gemenerereg ten opsigte van die ondersoek 'n vrugtelose soektog tot gevolg gehad en is die enigste waarde van die historiese ondersoek bloot om die ontkenning van die aanspraak te bevestig.

Statutêre erkenning van 'n aanspraak om aansoek om onderhoud te doen word verleen in artikel 10 van die Wet op Huweliksaangeleenthede.⁵

Dié wetgewende bepaling vorm dan die hooftema van die ondersoek.

As regsvergelijkende stelsel word daarna die Engelse reg verwys. As hoof motivering het die keuse op dié regstelsel geval omdat ons howe telkemale in die onderhoudsreg na dié stelsel verwys.⁶ Die rede vir verwysing na die Engelse reg is nie bekend nie, maar die motivering mag

-
1. Arts 7 en 8 van Wet 70 van 1979.
 2. Hieronder II 2.
 3. Hieronder II 3.
 4. Hieronder II 4.
 5. Wet 37 van 1953 soos vervang met art 7 van die Wet op Egskeiding, Wet 70 van 1979.
 6. Vgl o a ten aansien van afstanddoening van onderhoud en afstanddoening van wysiging van 'n onderhoudsbevel : Claassens v Claassens 1981 1 SA 360 (N), Schutte v Schutte 1986 1 SA 872 (A), ten aansien van gedrag as faktor by onderhoudstoekenning : Swart v Swart 1980 4 SA 364 (O), Singh v Singh 1983 1 SA 781 (K), en ten aansien van

enersyds berus op die feit dat die Suid-Afrikaanse egskeidingsreg net soos die Engelse egskeidingsreg ook met die huweliksverbrokeelingsbeginsel as grond vir egskeiding en dus met 'n skuldlose egskeidingsreg werk en andersyds mag as motivering hiervoor dien die historiese bande wat ons land en ook ons reg met Engeland het. Die ondersoek toon egter aan dat weens die benaderingsverskil wat daar tussen die twee stelsels ten opsigte van finansiële gevolge van egskeiding bestaan, die beginsels in die Engelse reg met omsigtigheid toegepas moet word.

As verdere motivering word die Engelse reg juis gekies as vergelykende stelsel omdat die uitgangspunt van hierdie stelsel ten opsigte van dié finansiële gevolge van egskeiding so radikaal van ons eie verskil. Die sogenaamde vrye diskresieeler van die Engelse reg en die totaliteitsbenadering van hierdie stelsel, waar onderhoud en die ander finansiële gevolge van egskeiding nie duidelik onderskei word nie, bied 'n ander insig vir die billike beslegting van die egskeidingsgeding. Dit bied dan om hierdie rede as vergelykende stelsel 'n model waarteen ons ons eie krities kan beskou.

Die bespreking van die Suid-Afrikaanse reg berus hoofsaaklik op 'n kritiese analise van die positiewe reg. Die oogmerk is om die beginsels wat die toekenning van onderhoudsbevele tussen eggenotes by egskeiding ten grondslag lê, te evalueer. Die faktore wat in aanmerking geneem is by wysiging van die bevele word ook krities bespreek en laastens wys ek ook op die omstandighede wat 'n rol speel by beëindiging van die bevele. Met hierdie doelstelling word die hoop dan uitgespreek dat die ondersoek 'n aanknoping kan bied ten einde probleme met betrekking tot die onderhoudsreg tussen eggenotes by egskeiding te oorbrug.

art 7(3) as faktor : Beaumont v Beaumont 1985 4 SA 171 (W), Van Gysen v Van Gysen 1986 1 SA 56 (K).

AFKORTINGS

| | |
|-----------------|--------------------------------------------------------------|
| <u>A-ALR</u> | Anglo-American Law Review |
| <u>AJ</u> | Acta Juridica |
| All ER | All England Reports |
| <u>ASSAL</u> | Annual Survey of South African Law |
| <u>Cape LJ</u> | Cape Law Journal |
| <u>CILSA</u> | Comparative and International Law Journal of Southern Africa |
| <u>De Rebus</u> | De Rebus Procuratoriis |
| <u>Fam Law</u> | Family Law |
| FLR | Family Law Reports |
| <u>ICLQ</u> | International and Comparative Law Quarterly |
| <u>LQR</u> | Law Quarterly Review |
| <u>MLR</u> | Modern Law Review |
| <u>New LJ</u> | New Law Journal |
| <u>SALJ</u> | South African Law Journal |
| <u>Sol Jo</u> | Solicitors' Journal |
| <u>THR-HR</u> | Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg |
| <u>TSAR</u> | Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg |
| WLR | Weekly Law Reports |

AFDELING I

ERKENNING VAN DIE ONDERHOUDSAANSPRAAK TUSSEN EGGENOTES

HOOFSTUK 1

DIE ONDERHOUDSAANSPRAAK STANTE MATRIMONIO

1.1 INLEIDING

Dit dien voorop vermeld te word dat die gedagte hoegenaamd nie is om 'n diepgaande ondersoek aangaande die onderhoudsplig stante matrimonio te doen nie. Die rede hiervoor is vanuit die doelstellings van die proefskrif in sy geheel nie geregverdig nie. Daar gaan kortliks na die plig in die gemenerereg en die moderne Suid-Afrikaanse reg verwys word.

1.2 DIE ROMEINSE REG

Die Romeinse reg is besonder vaag oor die onderhoudsplig tussen eggenotes stante matrimonio. Die doel met die gee van die dos was die vrou se bydrae om die huwelikslaste te help dra.¹ Dit impliseer dat ook die man 'n bydrae moes maak. Die verskaffing van die dos in die klassieke Romeinse reg was nie verpligtend nie.² Daar was alleen 'n morele plig om die laste van die huwelik te dra en het ook vir die man gegeld.³ Die onregverdigheid hiervan is ingesien en het daar spoedig 'n sosiale plig op die vader van die bruid gerus om haar van 'n dos te voorsien.⁴ Justinianus kom egter⁵ en maak hierdie morele verpligting vir die vader en soms ook vir die moeder 'n regsplig.⁶

-
1. P van Warmelo 'n Inleiding tot die Studie van die Romeinse Reg 1971 77, J A C Thomas Textbook of Roman Law 1976 428, D H van Zyl Geskiedenis en beginsels van die Romeinse Privaatreg 1977 100.
 2. J C van Oven Leerboek van Romeinsch Privaatrecht 3e Druk 1948 457, P van Warmelo Inleiding tot die Studie van die Romeinse Reg 1971 76, D H van Zyl Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg 1977 100.
 3. Kyk M Kaser Romeins-Privaatrecht 2e Druk vertaal deur F B J Wubbe 1971 289.
 4. M Kaser Romeins-Privaatrecht 2e Druk vertaal deur F B J Wubbe 1971 289.
 5. C 5 11 7.
 6. J C van Oven Leerboek van Romeinsch Privaatrecht 3e Druk 1948 457, P van Warmelo 'n Inleiding tot die Studie van die Romeinse Reg 1971 77, M Kaser Romeins-Privaatrecht 2e Druk vertaal deur F B J Wubbe 1971 289, D H van Zyl Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg 1977 100.

Met die verpligting om die dos te verskaf, is daar na my mening in die Romeinse reg aanduidings van 'n regsplig tussen eggenotes om die laste van die huwelik te dra, waaronder dan ook die onderhoudsplig teenoor mekaar opgesluit word.¹

1.3 DIE ROMEINS-HOLLANDSE REG

Dit dien vermeld te word dat die dos soos dit in die Romeinse reg² bespreek is, nie in die vastelandse reg geresipieer het nie.³

Uit die aantal skrywers oor die Romeins-Hollandse reg⁴ deur my nagegaan, blyk die volgende gevolgtrekkings na vore te tree:

Eerstens word die onderhoudsplig tussen eggenotes onderling en oor en weer erken.⁵

Word die samewoning opgehef sonder 'n geregtelike skeidingsbevel, word daar 'n onderskeid gemaak tussen die geval waar die verlater die onskuldige party is en waar die verlater die skuldige party is. Verlaat die

-
1. Vergelyk ook C J Davel Die Dood Van 'N Broodwinner As Skadevergoedingsoorsaak 1984 1-6 en die gesag daar aangehaal.
 2. Hierbo I 1 2.
 3. Vergelyk o a A Mattaeus De Criminibus Editio Secunda 1661 48 3 7 14, H Brouwer De Iure Connubiorum Libri Duo. In Quibus Iura Naturae, Divinum, Civile, Canonicum, Prout De Nuptiis Aqunt, Referuntur, Expenduntur, Explicantur 1e Uitg vertaal deur P van Warmelo en F J Bosman 1967 2 33 25.
 4. Ek verwys onder hierdie term ook na skrywers wat nie in die eng sin Romeins-Hollandse skrywers is nie. Aangesien die skrywers oor en weer na mekaar verwys, behandel ek ook skrywers wat nie in die ware sin van die woord Romeins-Hollandse skrywers is nie, onder hierdie term.
 5. G van Wassenaer (c 1588-1644 'n Utrechtse juris) Praktijk Judicieel of te Instructie op de forme en manier van Procederen voor Hoven en Recht-Banken 1669 1 1 48, J Clarus (n Italiaanse juris 1525-1575) Opera Omnia sive Practica Civilis atque Criminalis 1672 par adalterium n 19 6. Kyk ook par adalterium n 17, par Fin Adalterium n 19 118, B Carpzovius Responsa Juris Electoralia In Serenissimi ac Potentissimi Archiprincipis Electoris Saxon 1683 Tit IIX De Alimentis Resp LIIX 1, P Merula (1558-1607) Manier van Procederen In de Provintien van Holland, Zeeland ende West-Vriesland, belangende Civile Zaaken 1705 4 37 16, H de Groot (1583-1645) Inleiding tot de Hollandsche Rechtsgeleerdheid 1767 3 33 2, T Boey (1713-1798) Woorden-Tolk of Verklaring der Voornaamste Onduitsche en Andere Woorden, in de heden daagsche en aloude Rechtspleginge voorkomende 1773 s v "alimentatie" 44, F L Kersteman (1728-1792) Aanhangzel tot het Hollandsch Rechtsgeleerd Woorden-Boek 1773 s v "onderhoud of alimentatie" 973, J Voet (1647-1713) Commentariorum ad Pandectas 1827 25 3 8, S van Leeuwen (1626-1682) Censura Forensis vertaal deur W P Schreiner 1883 1 1 15 19.

party die huis sonder rede, is sy ook nie geregtig op onderhoud nie.¹
 Verdryf die man die vrou moet hy haar onderhou.²

Pendente lite word die plig en aanspraak ook erken omdat die huwelik nog nie ontbind is nie.³

As kwalifikasie voordat aan die onderhoudsaanspraak erkenning verleen word, is die behoefte van die aanspraakmaker.⁴

Die omvang van die onderhoud word bepaal aan die hand van die "... qualiteit en conditie van de Persoonen, die gealimenteerd moeten worden en van die geenen die alimenteeren,"⁵

1. S van Groenewegen vander Made (1613-1652) Tractatus de Legibus Abrogatis et inusitatis in Hollandia Vicinisque Regionibus 1669 ad Nov 117 13, U Huber (1636-1694 'n Frieslandse regsgeleerde) Heedendaegse Rechtsgeleertheyt, so elders, als in Frieslandt gebruikelijk bygewerk deur Z Huber 4e Druk 1742 1 6 19, F L Kersteman (1728-1792) Aanhangzel tot het Hollandsch Rechtsgeleerd Woorden-Boek 1773 s v "Separatie van Tafel en Bed" 1070, J Voet (1647-1713) Commentariorum ad Pandectas 1827 24 2 18.
2. S van Groenewegen vander Made (1613-1652) Tractatus de Legibus Abrogatis et inusitatis in Hollandia Vicinisque Regionibus 1669 ad Nov 117 14.
3. G van Wassenaer (c 1588-1664) Practijk Judicieel of te Instructie op de forme en manier van Procederen voor Hoven en Recht-Banken 1669 1 1 48, P Merula (1558-1607) Manier van Procederen In de Provincien van Holland, Zeeland ende West-Friesland, belangende Civile Zaaken 1705 4 37 16, K van Aller Generaale Regulen, en Definitien van beschreeve Romeynsche Rechten, met Uytleggingen en Aanmerkingen daar toe behoorende, naar de Hedendaagse Rechtsgeleertheid, als mede, hoe verre dezelve Rechten in deeze Landen nog in gebruyk zyn, en in hoe verre dit nie gedaan 2e Druk 1729 222, T Boey (1713-1798) Woorden-Tolk of Verklaring der Voornaamste Onduitsche en Andere Woorden, in de heden daagsche en aloude Rechtspleginge voorkomende 1773 s v "alimentatie" 44.
4. K van Aller Generaale Regulen, en Definitien van beschreeve Romeynsche Rechten, met Uytleggingen en Aanmerkingen daar toe behoorende, naar de Hedendaagse Rechtsgeleertheid, als mede, hoe verre dezelve Rechten in deeze Landen nog in gebruyk zyn, en in hoe verre te niet gedaan 2e Druk 1729 222, T Boey Woorden-Tolk of Verklaring der Voornaamste Onduitsche en Andere Woorden, in de heden daagsche en aloude Rechtspleginge voorkomende 1773 s v "alimentatie" 44, F L Kersteman Aanhangzel tot het Hollandsch Rechtsgeleerd Woorden-Boek 1773 s v "Onderhoud of Alimentatie" 973, J Voet Commentariorum ad Pandectas 1827 25 3 8.
5. F L Kersteman Aanhangzel tot het Hollandsch Rechtsgeleerd Woorden-Boek 1773 s v "Onderhoud of Alimentatie" 970. Kyk ook T Boey Woorden-Tolk of verklaring der voornaamste Onduitsche en Andere Woorden, in de heden daagsche en aloude Rechtspleginge voorkomende 1773 s v "alimentatie" 43, J Voet Commentariorum ad Pandectas 1827 25 3 4, S van Leeuwen, Censura Forensis vertaal deur W P Schreiner 1883 1 1 10 5.

Die inhoud van die onderhoudsplig wat eggenotes betref, sluit in kos, klere, huisvesting en mediese dienste.¹

'n Veel wyer omskrewe onderhoudsplig tussen eggenotes word by die gemeeneregskrywers aangetref as wat die geval in die Romeinse reg is.

1.4 DIE SUID-AFRIKAANSE REG

1.4.1 Onderhoud stante matrimonio waar die eggenotes saambly

1.4.1.1 Inleiding

In hierdie gedeelte wil ek na vier aspekte kyk.

Eerstens, die erkenning van 'n onderhoudsaanpraak stante matrimonio.

Tweedens, die primêre plig tot onderhoudsvoorsiening.

Derdens, die bevoegdheid om huishoudelike benodigdhede aan te koop en vierdens, die handhawing van die plig teenoor derdes.

1.4.1.2 Erkenning van 'n wedersydse onderhoudsaanpraak tussen eggenotes

'n Onderhoudsaanpraak tussen eggenotes word in die Suid-Afrikaanse reg erken.² Hierdie aanspraak is nie net tot die beskikking van die vrou nie, maar is wederkerig.³

Die party wat aanspraak maak op onderhoud sal egter twee vereistes moet aantoon voordat die hof 'n onderhoudsbevel sal uitreik. Dié vereistes is: eerstens sal die aanspraakmaker sy redelike behoeftes moet aantoon; tweedens sal die party van wie onderhoud geëis word, oor die vermoë moet beskik om dit te voorsien. In hierdie lig sê regter Van den Heever dat die onderhoudsplig fakultatief is.⁴

1. Kyk gesag op 3 vn 5.

2. Steenkamp v Juriaanse 1907 TS 980 985, Pugh v Pugh 1910 TS 792 803 807-808, Barnett v Barnett 1917 EDL 218 221, Engelbrecht v Engelbrecht 1974 4 SA 673 (K) 675, W de Vos 1956 SALJ 70 73-74, W de Vos 1962 AJ 144 151, A van Aswegen 1977 Codicillus 25 25-26, J Sinclair 1977 SALJ 449 449-450.

3. Shanahan v Shanahan 1907 NLR 15 16-17, Lyons v Lyons 1923 TPD 345 346, Woodhead v Woodhead 1955 3 SA 138 (SR) 139, McKelvey v Cowan NO 1980 4 SA 525 (Z) 526, Walter Pollak 1930 SALJ 247 257-258.

4. Oberholzer v Oberholzer 1947 3 SA 294 (O) 297. Kyk ook vir dieselfde vereistes, Gildenhuys v Transvaal Hindu Educational Council 1938 WLD 260 262 264, Woodhead v Woodhead 1955 3 SA 138 (SR) 139, Campbell v Campbell 1956 3 SA 234 (N) 237, Young v Coleman 1956 4 SA 213 (D) 216.

Vergeleke met die posisie in die Romeins-Hollandse reg¹ stem die posisie in die Suid-Afrikaanse reg grootliks ooreen.

1.4.1.3 Die primêre plig tot onderhoud

Uit die voorgaande² is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse reg 'n weder-sydse onderhoudsplig tussen eggenotes erken.

Hoewel dit nog nie direk beslis is nie, is daar teenstrydige beskouings oor die vraag op wie die primêre onderhoudsplig rus. Verskeie sake reg-verdig die afleiding dat die plig primêr op die man rus en sekondêr aan die vrou toegedig kan word.³ Hoofsaaklik plaas hierdie gewysdes na my mening die primêre onderhoudsplig op die man omdat hy tradisioneel die broodwinner is.

Hahlo⁴ voer as rede aan dat die primêre plig tot onderhoud op die man rus, die feit dat artikel 3 van die Wet op Huweliksaangeleenthede⁵ aan die vrou getroud buite gemeenskap van goed 'n volle verhaalsreg teenoor die man gegee het vir dit wat sy aan huishoudelike benodigdhede spandeer het. Hierdie artikel van die Wet het onder hewige kritiek deurgeloo en is in 1976 gewysig deur artikel 1 van die Wysigingswet op Huweliks-aangeleenthede⁶ wat aan beide man en vrou 'n regresreg gegee het teen die ander vir dit wat hy of sy meer as sy of haar pro rata deel betaal het. Selfs hierdie regresreg tussen eggenotes is vir alle huwelike gesluit buite gemeenskap van goed ná 1 November 1984, afgeskaf.⁷

-
1. Hierbo I 1 3.
 2. Hierbo I 1 4 1 2.
 3. Steenkamp v Juriaanse 1907 TS 980 985, Union Government v Warneke 1911 AD 657 669, Excell v Douglas 1924 CPD 472 476, Wiebel v Wecke and Voigts 1933 SWA 123 136, O'Brien v O'Brien 1938 TS 221 223, Miller v Miller 1940 CPD 466 469, Edelstein v Edelstein 1952 3 SA 1 (A) 15, Rousseau NO v Cloete 1952 3 SA 703 (K) 708, Plotkin v Western Assurance Co Ltd and Another 1955 2 SA 385 (W) 395, Campbell v Campbell 1956 3 SA 234 (N) 237, Doyle v Doyle and Another 1957 2 SA 577 (SR) 577, Belfort v Belfort 1961 1 SA 257 (A) 261, Ex Parte Standard Bank Ltd and Others 1978 3 SA (R) 324, Milns v Protea Assurance Co Ltd 1978 3 SA 1006 (K) 1011-1012.
 4. 1954 SALJ 32 35-36, The South African Law of Husband And Wife 4e Uitg 1975 112 vn 58.
 5. Wet 37 van 1935.
 6. Wet 13 van 1976.
 7. Art. 23(4) van die Wet op Huweliksgoedere Wet 88 van 1984.

Op grond van hierdie veranderings alleen laat dit die argument van Hahlo vandag sonder oortuigingswaarde.¹

June Sinclair² huldig die standpunt dat daar geen primêre regsplig op die man rus nie. Volgens haar is die man bloot primêr verantwoordelik vir die onderhoud van sy gesin omdat hy gewoonlik die hoof, indien nie die enigste nie, broodwinner is.

"No legal rule, it is submitted, emerges from this purely factual situation."³

Die gesag wat die plig primêr aan die man opdra is na my mening gegrondves op die tradisionele rolle van die onderskeie gades. Indien dit 'n regsreël is, is hierdie reël na my mening uit voeling met die realiteite van die moderne samelewing. Al hoe meer vroulike eggenotes tree tot die beroeps- en professionele mark toe en daar word selfs vanuit 'n maatskaplike milieu van hulle verwag om toe te tree. Hierdeur word die rolle van man en vrou tot 'n groot mate vermeng en is daar na my mening nie meer plek vir die simplistiese beskouing dat die man die primêre onderhoudsplig het nie.

1.4.1.4 Huishoudelike benodigdhede

Die bevoegdheid van die vrou hetsy die huwelik binne hetsy buite gemeenskap van goed (met in- of uitsluiting van die maritale mag) gesluit is om huishoudelike benodigdhede aan te koop en sodende of die gemeenskaplike of beide eggenotes se boedels aanspreeklik te hou vir die koopsom, laat onwillekeurig die vraag opkom wat die grondslag van hierdie bevoegdheid is. Die ondersoek gaan hierdie aspek in oënskou neem. Omdat die houe nie 'n onderskeid maak tussen die huwelik binne en buite gemeenskap van goed nie⁴ en of die maritale mag in- of uitgesluit is nie,⁵ word

1. In The South African Law of Husband and Wife 5e Uitg 1985 135 stel hy dit dat wat die onderhoudsplig betref man en vrou regsgeldiglik in dieselfde posisie is, maar dat prakties gesproke die man steeds die primêre onderhoudsplig het.
2. 1977 SALJ 449 449.
3. 449. Vgl ook Shanahan v Shanahan 1907 NLR 15 16, Abbott v Bergman 1922 AD 53 55, Gildenhuis v Transvaal Hindu Educational Council 1938 WLD 260 264, Christie NO v Estate Christie and Another 1956 3 SA 659 (N) 662, McKelvey v Cowan 1980 4 SA 525 (Z).
4. Reloomel v Ramsay 1920 TPD 371 379, Excell v Douglas 1924 CPD 472 476.
5. Reloomel v Ramsay 1920 TPD 371 waar geen melding gemaak word hieroor nie. So-ook in die meerderheid van die gesag hieroor vergelyk.

hierdie gevalle nie apart behandel nie. Hierdie aspek word in ons reg onder twee omstandighede bespreek te wete waar die partye saambly en waar hulle nie saambly nie.¹ Hierdie indeling word dan ook hier gevolg. Die aanspreeklikheid van die onderskeie eggenotes teenoor die derdes word buite rekening gelaat,² asook die regresreg tussen die eggenotes onderling.³

Twee vereistes moes teenwoordig wees voordat die vrou haar man kon bind vir huishoudelike benodighede naamlik 'n wettige huwelik en 'n gemeenskaplike huishouding.⁴

-
1. Vir laasgenoemde kyk I 1 4 2 1.
 2. Kyk hiervoor tans arts 17(5) en 21 van die Wet op Huweliksgoedere, Wet 88 van 1984.
 3. Vir oorsig hiervan kyk o a Hern & Co v De Beer 1913 TPD 721 724, Van Rensburg v Swersky Bros 1923 TPD 255 258, Wiebel v Wecke and Voigts 1933 SWA 123 129, Rousseau NO v Cloete 1952 3 SA 703 (K) 710, Foxcroft-Williams v Foxcroft-Williams 1960 1 PH B 5 (D), Foord v Vardy NO and Another 1967 1 SA 692 (W), Perrott-Humphrey v Perrott-Humphrey 1967 3 SA 304 (W), Whelan v Whelan 1972 4 SA 306 (W), Chouler v Chouler 1973 4 SA 215 (W), Bohlander v Bohlander 1974 2 PH B 10 (K), Engelbrecht v Engelbrecht 1974 3 SA 673 (K), Stacey v Stacey 1976 4 SA 365 (W), Halgreen v Halgreen 1977 3 SA 34 (T), Van Lear v Van Lear 1979 3 SA 1162 (W), Dys v Dys 1979 3 SA 1170 (O), Kruger v Kruger 1983 2 SA 9 (OK), H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 1e Uitg 1953 118-119, 1954 SALJ 32, B Wunsch 1954 SALJ 259, J E Scholtens 1954 Butterworths South African Law Review 183 196-197, W de Vos 1956 SALJ 70, H R Hahlo 1959 AJ 47, W de Vos 1962 AJ 144 151, W G M Seymour 1967 SALJ 396, D Pont 1967 THR-HR 366, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 3e Uitg 1969 112-113 169-170, 4e Uitg 1975 175-177, Editorial 1976 The Taxpayer 81, P Q R Boberg The Law of Persons And The Family 1977 209 e v, June Sinclair 1977 SALJ 449, Annél van Aswegen 1977 Codicillus 25, Carmen Nathan 1979 SALJ 247, June Sinclair 1980 SALJ 463, J D van der Vyver en D J Joubert Persone- En Familiereg 2e Uitg 1985 559-562, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 207-208, J C Sonnekus 1986 De Iure 325, arts 23(1), (3), (4), (6) van die Wet op Huweliksgoedere, 1984.
 4. Vgl o a Mason v Williams 1884 NLR 168 170, Grassman v Hoffman 1885 SC 282 284, Janion v Watson & Co 1885 NLR 234 236, Mason v Bernstein 1897 SC 504 505, Du Preez v Cohen Bros 1904 TS 157 160, Reloomel v Ramsay 1920 TPD 371 379, Bing and Lauer v Van der Heever 1922 TPD 279 281 284, Excell v Douglas 1924 CPD 472 476 484 485, Stern v Schattel 1935 CPD 78 80, MacNaught v Caledonian Hotel 1938 TPD 577 579 581, Clarkson v Van Rensburg 1951 1 SA 595 (T) 598 599, Oelofse v Grundling 1952 1 SA 338 (K) 341, Behr v Minister of Health 1961 1 SA 629 (SR) 630 633, Clark & Co v Lynch 1963 1 SA 183 (N) 185.

Aanvanklik was daar diegene wat die vrou se bevoegdheid gebaseer het op volmag of lasgewing. Dit het beteken dat die vrou as gevolmagtigde of lashebber van haar man opgetree het om namens hom kontrakte vir die gemeenskaplike huishouding te sluit. Hierdie magtiging is afgelei uit die bestaan van die gemeenskaplike huishouding.¹

In 1920 kom daar 'n verandering in dié siening omtrent die regsgrondslag van die bevoegdheid van die vrou om haar man se krediet te bind, terwyl hulle 'n gemeenskaplike huishouding het. In Reloomel v Ramsay² was die partye buite gemeenskap van goed getroud. Geen melding of die maritale mag in- of uitgesluit was, word gemaak nie. Regter-president Wessels gee die bevoegdheid van die vrou in hierdie woorde weer:³

"Our law assumes that a husband does not intend to worry himself about household matters such as the purchase of food-stuffs and clothing, and therefore quoad these the wife has the capacity - not the authority - to bind her husband."

As bestuurderes van die gemeenskaplike huishouding bind sy haar man se krediet kontraktueel omdat hy regtens verplig is om vir die onderhoud van die huishouding by te dra.⁴

Regter Gregorowski interpreteer die gemeneregskrywers as synde neer te lê dat die vrou die bevoegdheid verkry om haarself en haar man se boedel te bind op grond van sy stilswyende volmag.⁵

In Bing and Lauer v Van der Heever⁶ steun regter Mason vierkantig op die Reloomel v Ramsay⁷ beslissing.⁸ Selfs regter Gregorowski van Reloo=

-
1. Mason v Williams 1884 NLR 168 170, Janion v Watson & Co 1885 NLR 234 236, Pocklington v Cowey & Son 1885 NLR 118 119, Grassman v Hoffman 1885 SC 282 284, Coetzee v Higgens 1887 EDL 352 352 deur advokaat van appellant, Mason v Bernstein 1897 SC 504 505, Du Preez v Cohen Bros 1904 TS 157 160, Rautenbach v Groenewald 1911 TPD 1148 1150, Somdaka v Carroll 1912 EDL 85 87, Hern & Co v De Beer 1913 TPD 721 725.
 2. 1920 TPD 371.
 3. 377.
 4. 379. Ook regter Bristowe op 380 huldig die standpunt, desnieteenstaande die gemenereg 'n ander standpunt mag huldig, dat die huwelik self en die feit dat daar 'n gemeenskaplike huishouding is, aan die vrou hierdie bevoegdheid gee.
 5. 385-387.
 6. 1922 TPD 279.
 7. 1920 TPD 371.
 8. 281.

mel v Ramsay¹ faam kom tot ander insigte.² Die wipplankry ten aansien van die regsbasis van die vrou se bevoegdheid word voortgesit in die beslissing van Excell v Douglas.³ Nadat regter Van Zyl verwys na Reloomel v Ramsay⁴ en die interpretasie van die gemenerereg deur onderskeidelik regter-president Wessels en regter Gregorowski,⁵ kom hy tot die gevolgtrekking net soos regter-president Wessels dat die vrou hierdie kompetensie verkry as gevolg van die huwelik self en nie as gevolg van die volmag van die man nie.⁶

Regter Watermeyer ondersoek ook die gemeneregskrywers⁷ en kom net soos regter Gregorowski in Reloomel v Ramsay⁸ tot die slotsom dat die vrou as gevolmagtigde van haar man optree en nie sonder sy toestemming sy boedel kan bind nie.⁹ Volgens hom besit sy dus nie die kompetensie bloot op grond van die huwelik nie.

Op enkele uitsonderings na¹⁰ neem die meerderheid van hofbeslissings die standpunt in dat die vrou die bevoegdheid besit om haar eggenoot te bind indien daar 'n gemeenskaplike huishouding bestaan.¹¹

-
1. 1920 TPD 371.
 2. 284.
 3. 1924 CPD 472.
 4. 1920 TPD 371.
 5. 475-476. Vgl hierbo 8-9.
 6. 476.
 7. 482-483.
 8. 1920 TPD 371.
 9. 484.
 10. Thompson v Model Steam Laundry Ltd 1926 TPD 674 677 waar regter Stratford nie standpunt inneem nie, Smith v Philips 1931 OPD 107 116 - verteenwoordiging, Behr v Minister of Health 1961 1 SA 629 (SR) 633 waar regter Young die man gebonde hou op grond van verteenwoordiging, Whelan v Whelan 1972 4 SA 306 (W) 307 word nie standpunt ingeneem nie.
 11. Frame v Boyce & Co Ltd 1925 TPD 353 358, Stern v Schattel 1935 C PD 78 80, MacNaught v Caledonian Hotel 1938 TPD 577 580-581, Clarkson v Van Rensburg 1951 1 SA 595 (T) 598, Voortrekkerwinkels (Ko-operatief) Bpk v Pretorius 1951 1 SA 730 (T) 735, Oelofse v Grundling 152 1 SA 338 (K) 341, Chenille Industries v Vorster 1953 2 SA 691 (O) 699, Clark & Co v Lynch 1963 1 SA 183 (N) 185.

Die gemeenregtelike posisie word nie ontleed nie vanweë die relatief onbelangrikheid daarvan vandag sover dit die houding van beide die hofbeslissings as die skrywers verteenwoordig. Met die uitsondering van Aquilius¹ wat die gemenereg interpreteer as synde neer te lê dat die vrou alleen haar man bind op grond van sy toestemming en dat die man hierdie toestemming sonder geregtelike tussenkoms kan onttrek² erken en aanvaar die meerderheid skrywers deur my nagegaan dat die vrou haar man bind op grond van haar getroude status en die bestaan van 'n gemeenskaplike huishouding. Die man verleen dus nie aan haar volmag nie, maar sy het hierdie kompetensie indien die twee genoemde vereistes teenwoordig is.³

Die rede hoekom die verteenwoordigingstandpunt as basis vir die man se aanspreeklikheid verwerp word deur beide die hofe as die skrywers, is die feit dat die man nie "sy volmag" op eie inisiatief kan terugtrek nie.⁴ Slegs die hof kan hierdie kompetensie van die vrou ontnem.⁵

-
1. 1953 SALJ 350.
 2. 352-354.
 3. Vgl L E Hall 1935 SALJ 191 192, J W Wessels The Law of Contract in South Africa 1937 Vol 1 248 par 739 248 par 740, R W Lee 1938 THR-HR 89 93-94, J P Yeats 1944 THR-HR 206 217-219, E M Hamman 1944 THR-HR 195 198, W de Vos 1951 SALJ 424 429, J C de Wet en J P Yeats Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg 3e Uitg 1964. Hulle neem die standpunt in dat die vrou buite gemeenskap van goed getroud met insluiting van die maritale mag alleen haarself en nie haar man bind nie. (63). Sy het hierdie bevoegdheid voortvloeiende as 'n gevolg van die huwelik. Die hofbeslissings aanvaar dat die vrou ook haar man se krediet bind, en kan daar nie met hierdie redenasie van die skrywers saamgestem word nie. P Q R Boberg The Law Of Persons And The Family 1977 199-200 vn 88, J T R Gibson Wille's Principles Of South African Law 7e Uitg 1977 97-98, J C de Wet en A H van Wyk Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg 4e Uitg 1978 63, Carmen Nathan 1979 SALJ 247 257, P J J Olivier Die Suid-Afrikaanse Persone- En Familiereg 2e Uitg 1980 114, J M Silke The Law Of Agency In South Africa 3e Uitg 1981 169 170 172-174, J D van der Vyver en D J Joubert Persone- En Familiereg 2e Uitg 1985 547, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 202, A H Barnard D S P Cronjé P J J Olivier Die Suid-Afrikaanse Persone- En Familiereg 1986 198.
 4. Vgl o a Bing and Lauer v Van der Heever 1922 TPD 279 284, Chenille Industries v Vorster 1953 2 SA 691 (O) 699, Traub v Traub 1955 2 SA 671 (K), Behr v Minister of Health 1961 1 SA 629 (SR) 631, Clark & Co v Lynch 1963 1 SA 183 (N); daarenteen Reloomel v Ramsay 1920 TPD 371 376 380, MacNaught v Caledonian Hotel 1938 TPD 577. Vir 'n soortgelyke standpunt van die skrywers kyk vn 3.
 5. Kyk gesag in vn 4.

Soos reeds vermeld aanvaar die meerderheid van gesag dat die vrou as bestuurderes van die gemeenskaplike huishouding met sluiting van die huwelik, optree en dat dit 'n onveranderlike gevolg van die huwelik is.¹ Op grond van hierdie kompetensie bind die vrou haar man en haarself teenoor die derde met wie daar gekontrakteer is vir huishoudelike benodigdhede. Gibson² gee die kompetensie van die vrou mooi weer wanneer hy skryf:³

"This right of the wife to order household necessities and to bind her husband in doing so, is an inherent right which flows from marriage; the wife is the manageress of the household, and therefore a contract made by her for the purposes of the household is presumed to have been made for the benefit of both herself and her husband. The right is not based on agency,⁴ but in binding her husband, the wife acts as his agent."⁴

Dit is ook nie die onderhoudsaanspraak wat aan die vrou die bevoegdheid verleen nie, hoewel die man regtens verplig is om die gemeenskaplike huishouding te onderhou.

In Clark and Co v Lynch⁵ het respondent se vrou goedere by appellant op krediet gekoop. Respondent en sy vrou was buite gemeenskap van goed getroud en sy het ook kinders uit die vorige huwelik gehad waarvoor sy onderhoud ontvang het. Die rekening by appellant het o a huishoudelike benodigdhede ingesluit wat deur dié kinders genuttig is. Respondent ontken aanspreeklikheid toe appellant hom aanspreek vir vereffening en voer onder andere aan "... that even if they were necessities they were necessities supplied for the benefit of his wife's minor children by a former marriage and that the father of these children paid his wife an allowance for their upkeep."⁶

Regter James aanvaar nie hierdie verweer nie maar voeg by dat "(t)his does not mean that he is under an obligation generally to maintain his stepchildren. It is simply an obligation which arises out of the fact that a joint household has been set up."⁷

1. Vergelyk die gesag reeds na verwys.
2. Wille's Principles Of South African Law 7e Uitg 1977.
3. 97.
4. As gesag vir hierdie stelling verwys hy na o a Reloomel v Ramsay 1920 TPD 371 en Excell v Douglas 1924 CPD 472. Dit is dan ook die groot kritiek teen J C de Wet en J P Yeats Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg 3e Uitg 1964 63 waar hulle meen dat die vrou buite gemeenskap van goed net haarself en nie haar man bind nie. Dit is lynreg teen die standpunt van ons howe. Vgl hierbo 9 vn 11.
5. 1963 1 SA 183 (N).
6. 183-184.
7. 186.

Die beginsels wat geld by 'n onderhoudsaanspraak en verpligting geld nie by die aankoop van huishoudelike benodigdhede vir 'n gemeenskaplike huishouding nie. Dit gaan hand aan hand met die standpunt dat jy nie as verweer kan opper dat die vrou met 'n redelike toelaag voorsien is nie.¹ Indien die bevoegdheid op die onderhoudsverpligting berus het, moes beide die verweer dat die kinders nie respondent se kinders was nie of dat sy van 'n redelike toelaag voorsien is, geslaag het.²

In die lig van bogemelde uiteensetting is die feit dat die partye getroud is en dat daar 'n gemeenskaplike huishouding bestaan, die verklaring dat die vrou die bevoegdheid besit om haar en haar eggenoot te bind vir huishoudelike benodigdhede hetsy die partye binne hetsy buite gemeenskap van goed getroud is en hetsy die maritale mag in- of uitgesluit is.³

1.4.1.5 Handhawing van die onderhoudsaanspraak teenoor derdes⁴

1.4.1.5.1 Inleiding

Die studie ten aansien van die onderhoudsaanspraak tussen eggenotes stante matrimonio sal onvolledig wees as daar nie ook gewys word op die handhawing van hierdie aanspraak teenoor derdes wat skuldiglik hierop inbreuk maak nie.⁵

1. Vgl ook Reloomel v Ramsay 1920 TPD 371 377-378.
2. Die verskil tussen vir wie en wat huishoudelike benodigdhede is en die onderhoudsaanspraak word ook erken in Whelan v Whelan 1972 4 SA 306 (W) 307, Stacey v Stacey 1976 4 SA 365 (W) 367, Chamani v Chamani 1979 4 SA 804 (W) 806. Kyk ook W G M Seymour 1967 SALJ 396 399, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 212.
3. Tans met die afskaffing van die maritale mag deur Wet 88 van 1984 bepaal beide arts 17 en 23 dat die partye gesamentlik en afsonderlik teenoor derdes aanspreeklik is vir huishoudelike benodigdhede waar daar 'n gesamentlike huishouding is.
4. Die regsposisie van toepassing op Swartes wat 'n huwelik ooreenkomstig stangebruike gesluit het, word nie behandel nie. In hierdie verband kyk N J J Olivier in medewerking met N J J Olivier (Jnr) en W H Olivier Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaal-sprekendes 1981 381-400, C J Davel Die Dood Van 'N Broodwinner As Skadevergoedingsoorsaak 1984 419-435.
5. Vgl in die algemeen W Pollak 1931 SALJ 191, P J Kotze 1956 THR-HR 186, N J van der Merwe 1964 AJ 82, R G McKerron The Law of Delict 7e Uitg 1971 149-159, N J van der Merwe en S J Mynhardt 1971 THR-HR 308, P Q R Boberg 1971 SALJ 423, C J Davel Die Dood Van 'N Broodwinner As Skadevergoedingsoorsaak 1984 399-619, N J van der Merwe en P J J Olivier Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg 5e Uitg 1985 329-349, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 145-148.

Die doel van hierdie ondersoek is om te kyk na die omstandighede waaronder 'n onderhoudsaanspraak tussen eggenotes teenoor 'n derde wat hierop skuldiglik inbreuk maak, gehandhaaf word. Die ondersoek word toegespits op die onderhoudsaanspraak wat die aksie onderlê.

1.4.1.5.2 Spesifieke gevalle

1.4.1.5.2.1 Dood van die broodwinner

Die gemeneregskrywers het aan afhanklikes 'n aksie teenoor 'n derde gegee wat op skuldige wyse die broodwinner gedood het.¹

Hierdie aksie word ook in die moderne Suid-Afrikaanse reg erken² en is tot die beskikking van hetsy die weduwee hetsy die wewenaar.³

Sekere vereistes word gestel voordat die gevraagde regshulp verleen sal word. Vervolgens wy ek die aandag aan hierdie vereistes watspesifiek die onderhoudsaanspraak ten grondslag lê.

1.4.1.5.2.1.1 Die regsplig tot onderhoud

Die houe stel dit as vereistes vir 'n geslaagde beroep op regshulp dat daar 'n regsplig tot die verskaffing van onderhoud aan afhanklikes moes bestaan het.⁴

1. A Matthaeus II De Criminibus ad Lib XLVII et XLVIII Dig Commentarius 1644 48 5 7 5 en 11, S van Groenewegen vander Made Tractatus de Legibus Abrogatis et inusitatis in Hollandia Vicinisque Regionibus 1669 ad Inst 4 5 1 2, A Vinnius In quatuor libros Institutionum Imperialium Commentarius Academicus et Forensis 1709 ad Inst 4 3 1, H de Groot Inleiding tot de Hollandsche Rechtsgeleerdheid 1767 3 33 2 en 5, S van Leeuwen Het Roomsche Hollandsch Recht aantekening C W Decker 1780 4 3 34 15, J van der Linden, Rechtsgeleerd, Practicaal en Koopmans Handboek, ten dienste van Regters, Praktizijns, Kooplieden en allen, die een algemeen overzicht van Regtskennis verlangen 1806 1 16 2.
2. Steenkamp v Steenkamp 1907 TS 980 985, Union Government v Warneke 1911 AD 657 663, C J Davel Die Dood Van 'N Broodwinner As Skadevergoedingsoorsaak 1984 444-445 en gesag daar genoem.
3. Kyk vn 2.
4. Vgl o a Steenkamp v Juriaanse 1907 TS 980 985, Union Government v Warneke 1911 AD 657 666 672, Waterson v Maybery 1934 TPD 210 214-215, Gildenhuis v Transvaal Hindu Educational Council 1938 WLD 260 262, Evans v Shield Insurance Co Ltd 1980 2 SA 814 (A) 838-839, McKelvey v Cowan NO 1980 4 SA 525 (Z) 526. Kyk ook W Pollak 1931 SALJ 191 196, N J van der Merwe 1964 AJ 82 84, N J van der Merwe en P J J Olivier Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg 5e Uitg 1985 330-332.

Dit is dan om hierdie rede dat Davel¹ die regsplig tot onderhoud as 'n konstituetiewe element van die aksie beskou.

Benewens die feit dat daar 'n regsplig tot onderhoud moet bestaan moes hierdie plig ex lege ontstaan het en weier die howe 'n uitbreiding van die regsplig om ook kontraktuele regspligte in te sluit.²

So beskou sou 'n mens van oordeel wees dat omdat die grondslag die skending van 'n onderhoudsaanspraak van die benadeelde is,³ die benadeelde ook die party is teenoor wie die delik gepleeg word. Ons howe sien dit nie so nie en hou vol dat hoewel die benadeelde die aksie in eie reg verwerf en dit nie 'n aksie is wat ten behoeve van die afgestorwene se boedel gebring word nie, word die delik teenoor die oorledene gepleeg.⁴ Die howe tipeer hierdie aksie as die actio legis Aquilliae maar dat dit sui generis is omdat, hoewel die delik teenoor die oorledene gepleeg is, die benadeelde eggenoot die reg kry om haar skade te verhaal.⁵

Teen hierdie opvatting bestaan daar kritiek en wil die regswetenskaplikes hierdie aksie suiwer as 'n actio legis Aquiliae sien sodat die delik regstreeks teenoor die benadeelde gepleeg word.⁶

1. Die Dood Van 'N Broodwinner As Skadevergoedingsoorsaak 1984 417.
2. Vgl Nkabinde v S A Motor and General Insurance Co Ltd 1961 1 SA 302 (N) 304. Vir kritiek teen hierdie beskouing kyk N J van der Merwe en P J J Olivier Die onregmatige Daad in die Suid-Afrikaanse reg 5e Uitg 1985 331-332, C J Davel Die Dood Van 'N Broodwinner As Skadevergoedingsoorsaak 1984 435-439 en gesag daar.
3. Steenkamp v Juriaanse 1907 TS 980 985, Union Government v Warneke 1911 AD 657 666 672, Waterson v Maybery 1934 TPD 210 213-214, Oosthuizen v Stanley 1938 AD 322 327, Gildenhuys v Transvaal Hindu Educational Council 1938 WLD 260 262, Glaser v Millward 1949 2 SA 853 (W) 862-863, Vaughan v SANTAM 1954 3 SA 667 (K) 669-670, SANTAM v Fondo 1960 2 SA 467 (A) 472, Evins v Shield Insurance Co Ltd 1980 2 SA 814 (A) 839.
4. Jameson's Minors v Central South African Railways 1908 TS 575 584-585, Union Government v Warneke 1911 AD 657 664, Millward v Glaser 1949 4 SA 931 (A) 941, SANTAM v Fondo 1960 2 SA 467 (A) 472, Evins v Shield Insurance Co Ltd 1980 2 SA 814 (A) 837.
5. Vgl vn 4.
6. A M Conradie 1943 THR-HR 133 149, C G van der Merwe 1971 De Rebus 309 312, C J Davel Die Dood Van 'N Broodwinner As Skadevergoedings-oorsaak 1984 402-406, N J van der Merwe en P J J Olivier Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg 5e Uitg 1985 342-348. P Q R Boberg 1971 SALJ 423 erken net soos van der Merwe en Olivier (347-348) dat die Wysigingswet op die Verdeling van Skadevergoeding, Wet 58 van 1971 moontlik hierdie anomalie verwyder het, maar sê (452) dat die Wet nie die positiefregtelike posisie verander het nie.

1.4.1.5.2.1.2 Vermoenskade

Hoewel die grondslag vir die aksie dus die onderhoudsaanspraak van die afhanklike (benadeelde) is,¹ sal die aksie eers kan slaag wanneer die benadeelde vermoenskade² kan bewys.³ Bestaan daar dus geen behoefte aan onderhoud nie en of kon die oorledene dit nie voorsien het nie, sal die eis ook misluk. Indien die oorledene nie 'n broodwinner was nie sal die eis ook nie slaag nie.⁴

Indien 'n kontraktuele regsplig⁵ beskerm sou word sal dit beteken dat slegs skade bewys moet word, sonder dat dit benodig is.⁶

1.4.1.5.2.2 Nie-noodlottige besering van broodwinner

1.4.1.5.2.2.1 Posisie voor die Wet op Verdeling van Skadevergoeding, 1956⁷

Word die broodwinner nie noodlottig beseer nie, maar as gevolg van die besering neem sy verdienvermoë af, het die vraag ontstaan of die benadeelde (afhanklike) eggenoot 'n aksie teenoor die derde kan instel vir verlies van onderhoud. In Abbott v Bergman⁸ staan appèlregter De Villiers 'n eis toe aan 'n man wie se vrou nie noodlottig beseer is nie, maar nie meer haar dienste in 'n sakeonderneming kon bied nie.⁹ Die skending van die regs aanspraak op hulp en bystand, fundeer hierdie eis.¹⁰

-
1. Hierbo I 1 4 1 5 2 1 1 14.
 2. Kyk C J Davel Die Dood Van 'N Broodwinner As Skadevergoedingsoorsaak 1984 440 vir die begrip vermoenskade.
 3. United Building Society v Matiwane 1933 EDL 280 284-285, Waterson v Maybery 1934 TPD 210 214-215, Gildenhuis v Transvaal Hindu Educational Council 1938 WLD 260 262.
 4. Steenkamp v Juriaanse 1907 TS 980 985.
 5. I 1 4 1 5 2 1 1 14.
 6. Die onderhoudsplig waarna ek verwys moet nie verwar word met die plig wat beide eggenotes het om by te dra tot die gemeenskaplike huishouding nie. Kyk I 1 4 1 4 12.
 7. Wet 34 van 1956 soos gewysig deur art 1 van die Wysigingswet op Verdeling van Skadevergoeding, Wet 58 van 1977 en Wet op Huweliks= goedere, Wet 88 van 1984.
 8. 1922 AD 53.
 9. 56.
 10. Vgl Plotkin v Western Assurance Co Ltd and Another 1955 2 SA 385 (W) 393-394 waar regter Ramsbottom 'n soortgelyke eis toestaan. Die huweliks goederebedeling het nie 'n invloed op hierdie eis nie (393).

In De Vaal v Messing¹ was die broodwinner beseer en sy verdienvermoë het met 75% afgeneem. Sy vrou en kinders stel 'n eis in vir verlies aan onderhoud. Regter Greenberg wys die eis van die hand.² Dit dien vermeld te word dat in hierdie geval dit nie gehandel het oor die skending van 'n regs aanspraak om hulp en bystand nie, maar oor die skending van 'n onderhoudsaanspraak. Regter Ramsbottom³ verklaar die tweespalt tussen Abbot v Bergman⁴ aan die een kant en De Vaal v Messing⁵ aan die ander kant, met verwysing na De Vaal v Messing⁶ so:⁷

"What the case decided was that when the breadwinner has received non-fatal injuries through the negligence of another the dependants have no action because (a) if the breadwinner has an action himself he can recover full damages and the dependants suffer no loss and (b) if the breadwinner's action is barred by his own contributory negligence it would be anomalous to allow a person by his own contributory negligence to 'create in favour of his dependants a cause of action that would not exist in the absence of such negligence.'"

N J van der Merwe en P J J Olivier⁸ is van mening dat die eis namens die kinders moes geslaag het.⁹ Wat die vrou se eis betref aanvaar hulle dat dit moes misluk het, maar om ander redes. Hulle maak 'n onderskeid tussen die posisie waar die huwelik binne gemeenskap van goed gesluit is en waar die huwelik buite gemeenskap van goed gesluit is.¹⁰ In eersgenoemde geval kan die eis nie slaag nie omdat daar 'n gemeenskaplike boedel bestaan wat 'n gemeenskaplike boedelskade verteenwoordig en as die man nie die skade kan verhaal nie, dan ook nie die vrou nie.¹¹ Is hulle buite gemeenskap van goed getroud is die skade van die een eggenoot nie regtens die skade van die ander nie,

1. 1938 TPD 34.

2. 41.

3. Plotkin v Western Assurance Co Ltd and Another 1955 2 SA 385 (W).

4. 1922 AD 53.

5. 1938 TPD 34.

6. 1938 TPD 34.

7. 391.

8. Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg 5e Uitg 1985.

9. 334.

10. 334.

11. 334.

en behoort in so 'n geval die aksie te slaag.¹ Die gemeenskaplike boedel het dus tot gevolg dat 'n benadeelde eggenote in hierdie omstandighede geen onafhanklike skade kan bewys nie.

1.4.1.5.2.2.2 Posisie onder die Wet op Verdeling Van Skadevergoeding,
1956²

N J van der Merwe en P J J Olivier³ is van mening dat artikel 2(1E) van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding⁴ nou onomwonde aan 'n benadeelde eggenoot getroud buite gemeenskap van goed op grond van die beseering van 'n broodwinner, 'n aksie teenoor 'n derde gee vir vergoeding aan verlies op onderhoud. Die standpunt soos vergestalt in De Vaal v Messing⁵ is van die baan en op gelyke voet geplaas met 'n aksie waar die broodwinner gedood is. Boberg⁶ hoewel hy toegee dat die standpunt van Van der Merwe⁷ die logiese standpunt is en die bepalings van artikel 2(1B) wyd genoeg is om dit in te sluit "the present writer submits that the courts will construe the provision as dealing only with cases in which plaintiff already had a remedy at common law."⁸ Op 453 voetnoot 51 merk Boberg egter oor die standpunt in die hoofteks so op:

"It is still, of course, open to a higher court or a court of co-ordinate jurisdiction to hold that the decision in De Vaal's case (.....) was incorrrect, and that the common law does indeed recognize the action."⁹

Dit is my submissie dat uit die bewoording van die Wet¹⁰ die standpunt

-
1. 334-335. Ook H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 146.
 2. Wet 34 van 1956 soos gewysig deur die Wysigingswet op Verdeling van Skadevergoeding, Wet 58 van 1971 en Wet op Huweliksgoedere, Wet 88 van 1984.
 3. Die onregmataige daad in die Suid-Afrikaanse reg 5e Uitg 1985 337-338.
 4. Wet 34 van 1956, Sub-artikel (1B) ingevoeg deur art 1(a) van Wysigingswet op Verdeling van Skadevergoeding, Wet 58 van 1971.
 5. 1938 TPD 34 hierbo 16-17.
 6. 1971 SALJ 423 453.
 7. Die onregmatig daad in die Suid-Afrikaanse reg 5e Uitg 1985 337-338 hierbo 17.
 8. 453.
 9. Van dieselfde oordeel is C G van der Merwe 1971 De Rebus 309 311-312.
 10. Art 2(1B) van die Wet op Skadevergoeding 1956.

deur Van der Merwe¹ die aanneemlike standpunt is en dat Boberg en C G van der Merwe² ook huiwerig is in die standpunt deur hulle gestel.³ Die posisie by die huwelik binne gemeenskap van goed is egter anders en bly De Vaal v Messing⁴ die geldende reg. Benewens die feit dat die huweliksgoederebedeling as rede hiervoor aangegee word⁵ is die bepalings van artikel 2(1B) en die voorbehoudsbepaling in artikel 2(6)(a) van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding, 1956, alleenlik van toepassing op huwelike gesluit buite gemeenskap van goed.⁶ Die toepaslike bepalings in die Wet op Huweliksgoedere, 1984,⁷ wat die posisie onder die Wet op Verdeling van Skadevergoeding, 1956 beïnvloed, raak geensins hierdie aspek nie.⁸

1.4.2 Onderhoud stante matrimonio waar die eggenotes nie saambly nie

1.4.2.1 Huishoudelike benodigdhede⁹

Word die gemeenskaplike huishouding beëindig moet daar logieserwys die afleiding gemaak word dat die vrou die bevoegdheid om haar man te verbind om huishoudelike benodigdhede aan te koop, verloor.¹⁰

1. N J van der Merwe en P J J Olivier Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg 5e Uitg 1985 337-358.
2. 1971 De Nebus 309 311-312.
3. Hierbo 17 en 17 vn 9.
4. 1938 TPD 34.
5. Hierbo 16.
6. N J van der Merwe en P J J Olivier Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg 5e Uitg 1985 338.
7. Arts 18 19 33.
8. Vgl June D Sinclair 'n Inleiding tot die Wet op Huweliksgoedere 1984 vertaal deur Coenraad Visser 1984 31-36, N J van der Merwe en P J J Olivier Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg 5e Uitg 1985 xiii-xiv oor die effek van hierdie artikels in ander verband as dié onder bespreking.
9. Vir 'n bespreking van die regsgrondslag van die vrou se bevoegdheid om haar man te bind vir huishoudelike benodigdhede waar daar 'n gemeenskaplike huishouding is, kyk I 1 4 1 4.
10. Vgl o a Excell v Douglas 1924 CPD 472 477 484 485, Behr v Minister of Health 1961 1 SA 629 (SR) 633-634, J P Yeats 1944 THR-HR 206 219, P Q R Boberg The Law Of Persons And The Family 1977 202, J C de Wet en A H van Wyk Die Suid-Afrikaanse Kontrakereg en Handelsreg 4e Uitg 1978 66-68, J D van der Vyver en D J Joubert Persone-En Familiereg 2e Uitg 1985 548, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 208.

Hierbo¹ het dit ook duidelik geblyk in die gesag aangehaal dat die vrou die bevoegdheid gehad het om haar man kontraktueel teenoor die derde te verbind sonder dat sy as sy gevolmagtigde opgetree het.

Hoewel sy die bevoegdheid verloor beteken dit nie dat waar die maritale mag uitgesluit is, sy nie handelingsbevoegd is nie. Sy kan steeds haar eie boedel bind en waar hulle binne gemeenskap van goedere getroud is, die gemeenskaplike boedel in terme van die Wet op Huweliksgoedere, 1984, hoewel artikel 17 nie meer van toepassing is nie omdat daar nie 'n gemeenskaplike huishouding is nie. Die enigste manier om die man onder hierdie omstandighede kontraktueel aanspreeklik te maak teenoor die derde is as sy volmag het om hom te bind. Hierdie volmag verleen aan haar nie 'n kompetensie nie maar alleenlik magtiging.

Het sy nie die man se volmag nie het sy geen bevoegdheid om haar man kontraktueel teenoor derdes aanspreeklik te hou nie. Die man kan wel teenoor die derde in sekere gevalle aanspreeklikheid opdoen op grond van verryking, of saakwaarneming, maar dit beteken nie dat die vrou 'n kompetensie besit om haar man aanspreeklik te hou nie, maar is bloot die ontstaan van 'n vorderingsreg volgens algemene beginsels, buiten kontrak. Met hierdie agtergrond oor die algemene beginsels van toepassing is dit insiggewend om te kyk hoe die Howe hierdie aangeleentheid behandel het. Daar word hoofsaaklik twee standpunte aangetref.

In die eerste plek word die standpunt aangetref wat die man kontraktueel aanspreeklik hou teenoor die derde op grond van die volmag wat hy aan sy vrou verleen het om hom kontraktueel te verbind.²

In Grassman v Hoffman³ sê hoofregter De Villiers dat waar daar 'n gemeenskaplike huishouding bestaan daar die stilswyende volmag aan die vrou verleen word om haar man kontraktueel teenoor die derde te verbind. Word die huishouding opgeskort word die argument deur die regsvertegenwoordiger gevoer, is daar geen ruimte om so 'n volmag te konstrueer nie. In antwoord hierop meen hoofregter De Villiers dat daar geen rede in hierdie saak bestaan waarom dit aangeneem moet word dat die volmag te=

1. I 1 4 1 4.

2. Grassman v Hoffman 1885 SC 282 284, Janion v Watson & Co 1885 NLR 234 236-237, Rabier & Co v Algar 1914 NPD 420 421-422, Reloomel v Ramsay 1920 TPD 371 387-388, Bing and Lauer v Van der Heever 1922 TPD 279 284-285, Excell v Douglas 1924 CPD 472 480 483 484.

3. 1885 SC 282.

ruggetrek is nie.¹

In Excell v Douglas² sê regter Young dat waar partye apart woon die man alleenlik kontraktueel aanspreeklik kan wees indien hy volmag aan sy vrou gegee het om hom te verbind.³ Die man kan egter ook aanspreeklikheid opdoen op grond van quasi kontrak⁴ en wel indien die vrou 'n onderhoudsaanspraak het.⁵ Laasgenoemde stelling impliseer dat die vrou geen bevoegdheid besit om naer man kontraktueel teenoor die derde te verbind nie. Aanspreeklikheid van die man word volgens die algemene beginsels van verryking vasgestel onderhewig daaraan of 'n onderhoudsaanspraak bestaan al dan nie. Word die gemeenskaplike huishouding opgehef sê regter Young verval die stilswyende volmag om hom kontraktueel te verbind.⁶ In hierdie lig beskou beteken dit dat selfs ook waar daar 'n gemeenskaplike huishouding is die vrou nie die kompetensie het om haar man te verbind nie, maar dat sy stilswyende magtiging het soos ook aan 'n minderjarige verleen kan word.

Van dieselfde oordeel is Lee.⁷ Hy gaan egter van die standpunt uit dat waar die gemeenskaplike huishouding opgehef is sonder enige skuld aan die kant van die vrou of op grond van ooreenkoms die vrou "agency of necessity" het om haar man teenoor die derde te verbind, indien hy nie sy onderhoudsplig nakom nie.⁸

Die beswaar teenoor hierdie standpunt van ons howe is na my mening daarin geleë dat die vrou nie tydens die gemeenskaplike huishouding as gevolmagtigde van haar man optree nie omdat hy dan hierdie volmag na willekeur kan terugtrek wat ons howe nie aanvaar nie.⁹

Om hierdie rede kan die voortsetting van die volmagteorie ook nie na opheffing van die gemeenskaplike huishouding gehandhaaf word nie.

Die ander standpunt verleen aan die vrou die kompetensie om haar man

1. 284.
2. 1924 CPD 472.
3. 480.
4. 480.
5. 481.
6. 484.
7. 1938 THR-HR 89 95.
8. 95-96.
10. Hierbo 10.

kontraktueel te verbind indien sy 'n onderhoudsaanspraak het, wat weer op sy beurt afhang van die gedrag van die party wat die opheffing bewerkstellig het. Het beide hiertoe ooreengekom bly die aanspraak geld. Word die vrou egter van onderhoud voorsien deur die man het sy ook nie die bevoegdheid nie.¹

Dit dien benadruk te word dat in die sake,² die man telkens kontraktueel gebonde gehou is teenoor die derde. Hierdie benadering staan voor dat by beëindiging van die gemeenskaplike huishouding, die kompetensie van die vrou wat berus op bestuurderes van die gemeenskaplike huishouding,³ vervang word met 'n kompetensie wat berus op die onderhoudsaanspraak van die vrou teenoor haar man. Bestaan hierdie aanspraak bind sy haar man kontraktueel teenoor die derde. Bestaan die aanspraak nie, het sy geen kompetensie nie.

Daar is naas hierdie standpunt (en laasgenoemde standpunt is na my mening ook die aanvaarde standpunt in ons reg) ook 'n standpunt wat voorstaan dat die vrou haar bevoegdheid verloor by beëindiging van die gemeenskaplike huishouding, maar wat aan die derde tog 'n aanspraak teenoor die man gee wat berus op verryking⁴ of saakwaarneming,⁵ indien die vrou 'n onderhoudsaanspraak teenoor haar man het. Hoewel die gesag in hierdie vorige twee voetnote dus van mening is dat die vrou haar bevoegdheid heeltemal verloor en die man se boedel net soos 'n minderjarige kan bind indien eersgenoemde se boedel verryk is, is hierdie sake na my mening slegs obiter dicta op hierdie regspunt omdat in geeneen van hulle die beginsels wat hierdie regsfigureten grondslag lê, toegepas is nie.

Ek wil dan die afleiding maak dat ons regspraak tans die standpunt huldig dat by beëindiging van die huishouding die vrou noodsaaklikhede

-
1. Coetzee v Higgins 1887 EDL 352 353, Bing and Lauer v Van der Heever 1922 TPD 279 282, Excell v Douglas 1924 CPD 472 477-478, Gammon v McClure 1925 CPD 137 139-140, MacNaught v Caledonian Hotel 1938 TPD 577 581, Oelofse v Grundling 1952 1 SA 338 (K) 341, Behr v Minister of Health 1961 1 SA 629 (SR) 633, Stacey v Stacey 1976 4 SA 365 (W) 371.
 2. Kyk vn 1.
 3. Vgl I 1 4 1 4.
 4. Vgl Excell v Douglas 1924 CPD 472, hierbo 20, Gammon v McClure 1925 CPD 137 139, Oelofse v Grundling 1952 1 SA 338 (K) 341.
 5. Behr v Minister of Health 1961 1 SA 629 (SR) 630.

vir haar mag aankoop en haar man kontraktueel daarvoor verbind teenoor die derde indien sy 'n onderhoudsaanspraak het. Die feit dat sy haar man kontraktueel bind, plaas die bevoegdheid nou op gelyke voet met haar bevoegdheid tydens die bestaan van die gesamentlike huishouding hoewel die basis vir die bevoegdheid nou nie meer die feit is dat sy die bestuurderes van die huishouding is nie, maar die onderhoudsaanspraak wat sy mag hê. In beide gevalle het sy die kompetensie. Hierdie benadering van die hof egter nie kritiek van die akademië vrygespring nie. Hoewel almal dit eens is dat die vrou 'n onderhoudsaanspraak teenoor haar man het waar die huishouding deur die man se skuld of op grond van ooreenkoms beëindig is, huldig sommiges die standpunt dat die man in hierdie gevalle alleenlik quasi kontraktueel gebonde is en dat die vrou haar bevoegdheid verloor het.¹

Hierdie standpunt is regswetenskaplik suiwer² maar soos reeds aangetoon, na my mening in enkele gevalle in obiter dicta goedgekeur.³

Die feit dat die derde alleenlik 'n vorderingsreg teenoor die man het indien die vrou 'n onderhoudsaanspraak het, plaas die derde in 'n posisie waar hy oorgelaat word aan die feitelike vraag: wie verantwoordelik was vir die huweliksgeskil. Hierdie toedrag van sake vind nie byval by sommige skrywers nie en huldig die standpunt dat hetsy die huishouding opgehef is hetsy die huishouding nie opgehef is nie, die vrou weens haar huwelikstatus hierdie kompetensie het om die man teenoor die derde aanspreeklik te hou. Indien die vrou oorsaak was vir die opheffing van die huishouding dan kan die man haar bevoegdheid laat wegneem deur aansoek by die hof te doen.⁴

-
1. J P Yeats 1944 THR-HR 206 219-221, P Q R Boberg The Law Of Persons And The Family 1977 200, 200 vn 88, J C de Wet en A H van Wyk Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg 4e Uitg 1978 66-68 veral 68 vn 102, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 209 209 vn 126.
 2. Hierbo 19.
 3. Hierbo 21 vn 3 en 4.
 4. J C de Wet en J P Yeats Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg 3e Uitg 1964 61-62. In die 4e uitgawe huldig die skrywers 'n ander standpunt. Kyk hierbo 18 vn 10. P J J Olivier Die Suid-Afrikaanse Persone- En Familiereg 2e Uitg 1980 117-118, J M Silke The Law of Agency In South Africa 3e Uitg 1981 178-179, A H Barnard D S P Cronjé en P J J Olivier Die Suid-Afrikaanse Persone- En Familiereg 1986 199. Na my mening is dit ook die standpunt wat Joubert voorstaan in J D van der Vyver en D J Joubert Persone- En Familiereg 2e Uitg 1985 548-550. Hy plaas die man se aanspreeklikheid nie op verryking of saakwaarneming nie maar op kontrak vanweë die feit dat ons hof nie die beginsels van bogemelde figure toepas nie. Kyk 550.

Benewens die bovermelde voordeel¹ wat hierdie standpunt voorstaan, wys June Sinclair² op 'n verdere anomalie wat die standpunt van die Howe meebring, gesien in die lig van artikel 7(2) van die Wet op Egskeiding, 1979. Hierdie artikel bring mee dat die toekenning van onderhoud by egskeiding nie meer berus op die onskuld van die applikant nie. Dit bring mee dat 'n geskeide vrou hoewel skuldig aan die egskeiding ook geregtig kan wees op onderhoud. Vervul die man nie die onderhoudsbevel nie kan die vrou hom aanspreeklik hou teenoor 'n derde wat haar van onderhoudsmiddele voorsien het. Voor egskeiding sal sy dit egter nie kan doen nie.³

Hoewel hierdie standpunt heelwat meriete het sover dit derdes aangaan, het ons Howe dit nie in hierdie mate toegepas nie. Na my mening het die afskaffing van die maritale mag⁴ hierdie tekortkominge by die huwelik binne gemeenskap van goed uitgeskakel, maar geld dit nog steeds vir die huwelik buite gemeenskap van goed, en is dit jammer dat die wetgewer nie in beide artikels 17(5) en 23(5) van die Wet op Huweliks= goedere, 1984, die woordjie "gesamentlike" uitgelaat het nie.

Tans word die aanspreeklikheid van die man, vir lewensmiddele aan sy vrou verskaf wat apart van hom woon, gefundeer op laasgenoemde se onderhoudsaanspraak en hiermee volstaan ek. Dit is nog 'n vergestaltung van die erkenning van die onderhoudsaanspraak stante matrimonio.

1.4.2.2 Geregtelike Skeiding

1.4.2.2.1 Inleiding

Die gedagte is om kortliks te wys op die onderhoudsaanspraak tydens 'n bevel van geregtelike skeiding. Die gronde vir so 'n bevel en die gevolge van die bevel, buiten die onderhoudskwessie laat ek buite bespreking. Dit dien daarop te let dat hierdie bespreking bloot om volledigheidshalwe kortliks vermeld word en tot 'n groot mate bloot regshistoriese waarde het, aangesien geregtelike skeidingsbevele deur artikel 14 die Wet op Egskeiding, 1979, afgeskaf is.

-
1. Hierbo 22.
 2. 1981 SALJ 89.
 3. 95.
 4. Hoofstuk II van die Wet op Huweliks= goedere, 1984.

1.4.2.2.2 Die Gemene Reg

Van Bijniershoek¹ en Lybrechts² beweer dat 'n bevel van geregtelike skeiding soos bekend in die reg van hulle tyd nie in die Romeinse Reg bestaan het nie en hierby volstaan ek.

Gesag vir die erkenning van die onderhoudsaanspraak onder 'n geregtelike skeidingsbevel bestaan by die meeste van die Romeins-Hollandse skrywers en vonnisverslae van hierdie tyd, indien die aanspraakmaker die onskuldige party is sover dit die skeiding aangaan.³

Onderhoud is alleenlik verskuldig indien die onskuldige aanspraakmaker nie haar ingebringe goed terug ontvang het by skeiding nie of die opbrengs hiervan te min is om van te leef of niks het nie.⁴

Die onskuldige aanspraakmaker is ook nie geregtig op onderhoud indien die pligtige nie middele het om die onderhoud te voorsien nie.⁵

Indien die onskuldige aanspraakmaker uit eie arbeid genoegsaam kan verdien en behoort te werk, is sy ook nie geregtig op onderhoud nie.⁶

-
1. Jcti et Praesidis, Quaestionum Juris Privati 1744 2 8 265-267.
 2. Redeneerd Verhoog over't Notaris Ampt 4e Druk 1e Deel 1758 12 v 18 179.
 3. H Brouwer De Iure Connubiorum Apud Batavos Recepto, Libri Duo. In Quibus Iura Naturae, Divinum, Civile, Canonicum, Prout De Nuptiis Agunt, Referuntur, Expenduntur, Explicantur 1665 2 29 20, A van Wesel Tractatus de Connubiali Bonorum Societate et Pactis Dotalibus 1674 Tr 2 Cap 4 vn 41, U Huber Hedendaegse Rechtsgeleertheit, soo elders, als in Frieslandt gebruikelyk 4e Druk 1742 1 6 19, A Lybrechts Redeneerd Verhoog over't Notaris Ampt 4e Druk 1758, 12n 24 183, FLKersteman Academie der Jonge Praktizyns of Beredeneerde Consideratien over de Theorie en de Praktycq 1765 162-163, Hollandsch Rechtsgeleert Woorden-Boek 1768 s v "alimentatie" 12, Aanhangzel tot het Hollandsch Rechtsgeleert Woorden-Boek 1773 s v "Seperatie van Tafel en Bed" 1070, Grave van Nassau La Leck Algemeen Beredeneerd Register op alle de Voornaamste Rechtsgeleerde Advysen Consultatien Advertissemerten Decisien Observatien en Sententien 1776 s v "alimentatie" 37-38, I van den Berg Nederlands Advys-Boek inhoudende verscheidene Consultatien en Advysen van voornaame Rechtsgeleerden in Nederland 2e Druk 1781 Deel 1 Cons 80, S van Leeuwen Censura Forensis vertaal deur W P Schreiner 1883 1 1 15 19.
 4. Vgl gesag in vn 3. Kyk ook H de Groot Inleiding tot de Hollandsche Rechtsgeleerdheid aantekeninge deur W Schorer 1767 1 5 20 vn 30.
 5. Kyk gesag in vn 3.
 6. Vgl gesag vn 3.

Indien die aanspraakmaker skuldig is ten opsigte van die skeidingsbevel behoort haar ingebringde goed (en hier gaan dit oor die huwelik binne gemeenskap van goed) aan haar teruggelewer te word vir lewensonderhoud, maar is op geen addisionele onderhoud geregtig nie.¹

Telkens word daar na die aanspraakmaker as die vrou verwys, maar daar is 'n aanduiding dat ook die man as onskuldige op onderhoud aanspraak kan maak.²

Vervolgens word die Suid-Afrikaanse reg in oënskou geneem.

1.4.2.2.3 Die Suid-Afrikaanse reg

Net soos die Romens-Hollandse reg, erken ook die Suid-Afrikaanse reg 'n onderhoudsaanspraak tydens geregtelike skeiding.³

Meningsverskil het bestaan of 'n "skuldige" eiser ook aanspraak kon maak op onderhoud. Sommige gewysdes huldig die standpunt dat die skuldige kan slaag met 'n aksie vir geregtelike skeiding en ook geregtig is op onderhoud.⁴

-
1. Consultatien Advysen en Advertissemerten, gegeven en geschreven by verscheiden treffelijke Rechtsgeleerden in Holland en Elders 1689 Dee 5 Cons 145, H de Groot Inleiding tot de Hollandsche Rechtsgeleerdheid Aantekeninge deur W Schorer 1767 1 5 20 vn 30, F L Kersteman Aanhangzel tot het Hollandsch Rechtsgeleerd Woorden-Boek 1773 s v "Separatie van Tafel en Bed" 1070. J Voet Commentariorum ad Pandectas 1827 24 2 18, H J Arntzenius Institutiones Juris Belgici De Conditione Hominum vertaal deur F P van den Heever 1963 3 7 41.
 2. F L Kersteman Hollandsch Rechtsgeleert Woorden-Boek 1768 s v "alimentatie" 12, I van den Berg Nederlands Advys-Boek inhoudende Verscheidene Consultatien en Advysen van voorname Rechtsgeleerden in Nederland 2e Druk 1781 Deel 1 Cons 80 197.
 3. Heslop v Heslop 1890 NLR 251 254, Gericke v Gericke 1900 EDL 113 114-115, Herman v Herman 1903 TS 808, Pugh v Pugh 1910 TS 792 803 808, Lee v Lee 1914 NLR 89 92, O'Hogan v O'Hogan 1914 TPD 637 639, Allen v Allen 1935 CPD 557 561, Davis v Davis 1939 WLD 108 112, Gillies v Gillies 1944 CPD 157 162-163, Louw v Louw 1946 CPD 130 132, Morton v Morton 1947 1 SA 459 (K) 461, De Bruyne v De Bruyne 1948 1 SA 491 (K) 492, Amaneeammah v Naidoo 1948 3 SA 712 (D) 719, Schuurman-Stekhoven v Schuurman-Stekhoven 1951 1 PH B 1 (K), Deeks v Deeks 1953 3 SA 896 (K) 898, Crouse v Crouse 1954 2 SA 642 (O) 643, Ramsay v Ramsay 1957 3 SA 588 (N) 589, Martins v Martins 1959 4 SA 218 (O) 220, Belfort v Belfort 1961 1 SA 257 (A) 261, Linesso v Linesso 1966 1 SA 747 (W) 748-749.
 4. Simey v Simey 1880-1882 Juta 171 176, Zietsman v Zietsman 1903 NLR 213 217, Manton v Manton 1909 NLR 387 395, Chadwick v Chadwick 1914 CPD 1008 1016, Allen v Allen 1935 CPD 557 560.

'n Teenoorgestelde standpunt word ingeneem deur regter Ward in Hausberger v Hausberger.¹ Hy huldig die standpunt dat eiser alleen aanspraak op onderhoud het indien dit nie bewys kan word dat eiser skuldig aan wangedrag was nie.²

In Lawson v Lawson³ neem regter Hawthorn 'n middewegstandpunt in en is die afleiding dat in gevalle waar verweerder die oorwig van skuld aan die skeiding het, eiser wel 'n onderhoudsaanspraak het.⁴

Hahlo⁵ voer aan dat aan die skuldige party sy of haar goedere ingebring by die huwelik binne gemeenskap van goed, terugbesorg moet word. Hierdie standpunt is in ooreenstemming met die gemenerereg.⁶

Dit is dan ook my submissie dat in laasgenoemde geval indien haar ingebringde goed nie teruggegee is nie, 'n aanspraak vir bystand wel tot stand gekom het. Verder in ooreenstemming met die gemenerereg⁷ is dit alleen die onskuldige party wat op addisionele onderhoud geregtig is en verwerp ek die standpunte wat hiermee in stryd is.

Net soos in die gemenerereg⁸ het die onskuldige nie 'n absolute aanspraak gehad nie, maar moes die eiser 'n behoefte aantoon en die vermoë van die verweerder om daarin te voorsien.⁹

Indien die aanspraakmaker ten tye van die bevel nie behoeftig was nie of die onderhoudspligtige nie die onderhoud wat benodig word, kon voorsien nie, kon die aanspraakmaker altyd later weer aansoek doen indien omstandighede verander het.¹⁰

-
1. 1912 TH 121.
 2. 123. Kyk ook Davis v Davis 1939 WLD 108 112, Driffill v Driffill 1942 NPD 345 358, Van Broembsen v Van Broembsen 1948 4 SA 38 (O) 41.
 3. 1935 NPD 58.
 4. 59.
 5. The South African Law of Husband And Wife 4e Uitg 1975 344.
 6. Hierbo 25.
 7. Hierbo I 1 4 2 2.
 8. Hierbo I 1 4 2 2 2.
 9. Vgl o a Braude v Braude 1899 SC 565 567, Thelland v Thelland 1909 SC 243 245, Manton v Manton 1909 NLR 387 395, Hausberger v Hausberger 1912 TH 121 123, Kuhn v Kuhn 1916 EDL 422 425-426, Lawson v Lawson 1935 NPD 58 60, Midlane v Midlane 1953 1 PH B9 (GW), Crouse v Crouse 1954 2 SA 642 (O) 643, Hossack v Hossack 1956 3 SA 159 (W) 165, Linesso v Linesso 1966 1 SA 747 (W) 749, Stone v Stone 1966 4 SA 98 (K) 103, Panton v Panton 1970 1 PH B 9 (D).
 10. Braude v Braude 1899 SC 565 567, Thelland v Thelland 1909 SC 243 245, Manton v Manton 1909 NLR 387 395, Hausberger v Hausberger 1912 TH 121 123, Lawson v Lawson 1935 NPD 58 60.

1.5 AFDWINGING VAN DIE ONDERHOUDSPLIG STANTE MATRIMONIO

1.5.1 Onderhoud pendente lite¹

1.5.1.1 Inleiding

Hierbo² het ek gewys op die erkenning van 'n onderhoudsaanspraak tussen eggenotes stante matrimonio. Ter erkenning en afdwinging van hierdie aanspraak het die wetgewer³ voorsiening gemaak vir onder andere onderhoudsbevele hangende 'n geding tussen eggenotes.

Daar word sekere vereistes gestel voordat 'n party kan aandrang op onderhoud pendente lite. Die vereistes wil ek kortliks afsonderlik hieronder behandel.

1.5.1.2 Die applikant moet behoeftig wees

'n Vereiste wat geld om te slaag in 'n aansoek om onderhoud pendente lite, is behoeftigheid aan die kant van die applikant. Dié vereiste blyk in ooreenstemming met die algemene erkenning van die onderhoudsaanspraak stante matrimonio te wees. Hierdie vereistes word algemeen gehandhaaf in die hofsake.⁴

1.5.1.3 Die respondent moet instaat wees om onderhoud te verskaf

Die respondent moet instaat wees om die verlangde onderhoud of indien nie in geheel nie gedeeltelik te verskaf.⁵

-
1. 'n Bespreking van die grondslag van die aanspraak om tussentydse gedingkoste word hieronder I 1 7 44 e v bespreek.
 2. I 1 4.
 3. Reël 43 van die Eenvormige Hofreëls.
 4. Ex Parte Wheatherley 1879 Kotzé 111 111, Jopling v Jopling 1899 SC 480 482, Harrower v Harrower 1909 TH 231 232, Cohen v Cohen 1910 CTR 976 977, Ducray v Ducray 1912 NLR 345 351, Beanland v Beanland 1914 NLR 316 317, Brown v Brown 1919 NLR 358 359, Woudberg v Woudberg 1938 WLD 1 4, Stender v Stender 1938 NPD 125 127, Davis v Davis 1939 WLD 108 110-111, Butterworth v Butterworth 1943 WLD 127 133, Geyer v Geyer 1944 EDL 104 105, Engelbrecht v Engelbrecht 1944 NPD 186 188-189, Smit v Smit 1946 WLD 360 363, Oberholzer v Oberholzer 1947 3 SA 294 (O) 297.
 5. Ex Parte Wheatherley 1879 Kotzé 111 111, Cohen v Cohen 1910 CTR 976 977, Van der Merwe v Van der Merwe 1926 EDL 248 249, Pearson v Pearson 1928 NPD 251 253-254, Davis v Davis 1939 WLD 108 109, Geyer v Geyer 1944 EDL 104 105, Elam v Elam 1946 2 PH B 87 (W), Oberholzer v Oberholzer 1947 3 SA 294 (O) 297, Stolle v Stolle 1952 1 PH B 6 (O), Gouws v Gouws 1958 4 SA 394 (T) 397, Glazer v Glazer 1959 3 SA 928 (W) 930.

1.5.1.4 Die applikant moet 'n prima facie saak hê

'n Bevel om onderhoud pendente lite word nie op 'n aksie-prosedure waar viva voce getuienis gelei word, verleen nie, maar coreenkomstig 'n aansoek ingevolge Reël 43 van die Eenvormige Hooggeregshofreëls in die vorm van beëdigde verklarings. Die party, om 'n geslaagde beroep op onderhoud pendente lite te maak, moet 'n prima facie saak uitmaak.¹

Desnieteenstaande die applikant 'n prima facie saak moet uitmaak sê regter Murray.²

"If the applicant in this case had been destitute it is possible that, despite the balance of probabilities against her, she would have been entitled to maintenance pendente lite."

Laasgenoemde aanhaling wek onwillekeurig die indruk dat indien die aansoekdoener heeltemal hulpbehoewend is, dit nie saak maak hoeveel kans op sukses sy in die hoofgeding het nie, maar dan behoort die aansoek te slaag.

Regter Schreiner in Butterworth v Butterworth³ interpreteer hierdie woorde so:⁴

"The weight of authority seems to me to be in favour of the view that it is necessary for the applicant to show that she has a reasonable, and not a merely bare or remote, chance of success, but that such proof is sufficient even if there is a substantial balance of probabilities against her."⁵

Waarnemende regter Lewis⁶ spreek teen hierdie siening kritiek uit. Hy is van mening dat om te slaag applikant 'n redelike kans op sukses in die hoofgeding moet hê, soos ook voorgestaan deur regter Schreiner⁷, maar dat "(i)t seems to me, with all respect, that if the probabilities are against one, it is difficult to see how one can have a reasonable chance of success."⁸

'n Prima facie saak word uitgemaak indien daar 'n redelike kans op sukses in die hoofgeding bestaan⁹, en daar sal 'n redelike kans op sukses bestaan

-
1. Woudberg v Woudberg 1938 WLD 1 3.
 2. Woudberg v Woudberg 1938 WLD 1 4.
 3. 1943 WLD 127.
 4. 131.
 5. Elam v Elam 1946 2 PH B 87 (W), Kyk ook Meerholz v Meerholz 1949 2 SA 479 (O) 484.
 6. Geyer v Geyer 1944 EDL 104 109-110.
 7. Butterworth v Butterworth 1943 WLD 127 131.
 8. 110.
 9. 110-111.

indien sy so 'n aansoek by wyse van beëdigde verklaring bring dat 'n redelike man in haar guns sal beslis.¹

Die gevolg is dat al die gewysdes nagegaan, verg dat die applikant 'n redelike kans (prima facie-saak) op sukses in die hoofgeding moet aantoon. Die omskrywing van die "redelike kans" is egter nie eenstemmig aanvaar nie. Hoe dit ook al sy, applikant is nie absoluut geregtig op erkenning van haar aanspraak op onderhoud nie, voordat daar nie 'n basis van onskuld gelê is nie. In die lig hiervan is dit ook vir my moeilik om te sien hoe 'n redelike man ten gunste van applikant kan beslis indien daar 'n oorwig van waarskynlikhede bestaan dat applikant in die hoofgeding onsuksesvol sal wees.

Omdat ons nuwe egskeidingsreg² nie meer met "skuldiges" of "onskuldiges" werk nie, laat dit onwillekeurig die vraag ontstaan in welke mate dit onderhoudsbevele pendente lite gaan raak, gesien vanuit die feit dat onder egskeidingsgeding ook aansoeke om onderhoud pendente lite ressorteer.³

Uit die bespreking hierbo⁴ is die vereistes gestel waaraan 'n persoon moet voldoen vir 'n geslaagde beroep op onderhoud pendente lite. Die afleiding uit die woorde van artikel 4⁵ is dat 'n "skuldige" eggenoot die hof om egskeiding kan nader en ooreenkomstig artikel 7(2) van genoemde Wet ook nog aanspraak kan maak op onderhoud.⁶

Soos reeds aangetoon⁷ gaan 'n redelike kans op sukses in die hoofgeding, hand aan hand met 'n geslaagde beroep om onderhoud pendente lite. Omdat bevele pendente lite so nou betrek is met verrigtinge in die hoofgeding (egskeidingsgeding) kan 'n mens jou voorstel dat nadat 'n persoon 'n aksie aanhangig gemaak het vir egskeiding, dieselfde persoon die hof kan nader vir onderhoud pendente lite. Hoewel sy "skuldig" mag wees aan die verbrokkeling

-
1. 111. In Von Broembsen v Von Broembsen 1948 1 SA 1194 (O) 1196 is daar 'n klemverskuiwing vanaf 'n "redelike kans" na 'n "ewewig van waarskynlikhede".
 2. Kyk arts 3 en 4 van die Wet op Egskeiding, 1979.
 3. Vgl art 1(1)(i)(a) van die Wet op Egskeiding, 1979.
 4. I 1 5.
 5. Wet op Egskeiding, 1979.
 6. Vgl o a Swart v Swart 1980 4 SA 364 (O).
 7. I 1 5 1 4.

is haar kans nie uitgesluit om tog te slaag met die hoofgeding¹ en om ook in terme van artikel 7(2) van die Wet onderhoud na egskeiding te kry nie. Hoe beïnvloed dit die aansoek om onderhoud pendente lite gesien in die lig van die beginsels hierbo gestel?

June Sinclair² huldig die volgende opinie:³

".... it is suggested that the criteria for relief pendente lite must match those applicable to ancillary relief upon divorce and not those of the common law which determine the right to maintenance stante matrimonio To justify to an errant wife the fact that she is not entitled to maintenance pending divorce because determination of the duty of support during marriage hinges upon marital good behaviour, when only weeks or months later judgment in the main action and an award of maintenance can be granted in her favour, will not be an easy task."

Die posisie van verweerderes in die hoofgeding, in 'n aansoek om onderhoud pendente lite is nog meer onbenydenswaardig. Hoe sal so 'n persoon kan aantoon dat sy 'n redelike kans op sukses in die hoofgeding het, indien aanvaar word dat huweliksverbrekking teenwoordig is wanneer een eggenoot nie meer wil voortgaan met die huwelik nie?⁴

June Sinclair⁵ stel die volgende oplossing voor:⁶

"The inescapable conclusion appears to be that legislative intervention to fill the hiatus just mentioned and to reconcile the opposing philosophies that underlie the common-law rules and the provisions of the new divorce legislation is called for."

Die wetgewer het tot nog toe nie ingegryp nie, maar regter Mullins in Carstens v Cartens⁷ het geleentheid gehad om die "hiatus" te vul.

In dié aansoek om o a onderhoud pendente lite het applikant, haar man (respondent) verlaat en by haar minnaar, 'n ene Clarkson, gaan intrek. Sedertdien het sy ook laasgenoemde se kind in die lewe gebring. Sy doen

-
1. In terme van art 4 van die Wet op Egskeiding 1979.
 2. 1981 SALJ 89.
 3. 97.
 4. Vgl Swart v Swart 1980 4 SA 364 (O) 368.
 5. 1981 SALJ 89.
 6. 98.
 7. 1985 2 SA 351 (SOK).

nou aansoek om onderhoud, hangende die egskeidingsgeding. Daar is ook geen twyfel dat respondent die gevraagde onderhoud kan betaal nie, maar weier dit.

Regter Mullins wys die aansoek van die hand en sê:¹

"It is not a question of applying the 'guilt' concept to such an application. Cf. Singh v Singh 1983 (1) SA 781 (C) at 787."

Hy verwys tog na die bepalinge van artikel 7(2) van die Wet op Egskeiding, 1979 en sê dan:²

"Although the section deals with maintenance after divorce, it would in my view be proper to take the same factors into account in determining maintenance pendente lite."³

Hy keur die aansoek af omdat dit volgens hom teen die openbare beleid sou wees om aan 'n vrou wat so openlik en moedswillig as man en vrou saam met 'n ander man leef, onderhoud pendente lite toe te ken.⁴

Dieselfde beginsels wat geld by die toekening van onderhoud ingevolge artikel 7(2) word toegepas by hierdie aansoek.⁵ Na my mening huldig regter Mullins presies dieselfde standpunt as June Sinclair⁶.

Die beginsels wat die toekening in die verlede onderlê het kom onder verdenking omdat daar vandag met 'n "skuldlose" egskeidingsreg gewerk word. Die skuldbegrip by hierdie aansoeke word aangepas om te strook met die toekening van onderhoud ingevolge artikel 7(2) en behoort onderhoud pendente lite in uitsonderlike gevalle van skuldige optrede soos in Carstens v Carstens⁷ geweier te word.

Die meer strengere toets soos gestel in o a Geyer v Geyer⁸ word na my mening vervang met 'n toets wat nog soepeler mag wees as dié gestel in o a Butterworth v Butterworth⁹, juis vanweë die nuwe benadering van ons egskeidingsreg.¹⁰

1. 353.

2. 354.

3. Hieronder II 2 B.

4. 353.

5. Hieronder II 2 B.

6. Hierbo 30.

7. 1985 2 SA 351 (SOK).

8. 1944 EDL 104 109-110, hierbo 28.

9. 1943 WLD 127 130-131, hierbo 28.

10. Hieronder I 7 55 e v.

1.5.2 Onderhoudsaansoeke en -eise non pendente lite

1.5.2.1 Inleiding

Hierbo¹ het ek gewys op die afdwinging van die onderhoudsplig wanneer eggenotes reeds in 'n huweliksgeding betrokke is. Die bespreking wat hier volg, handel oor die afdwinging van die plig waar die eggenotes nie meer saambly nie, maar ook nie in 'n huweliksgeding met mekaar betrokke is nie.

Die klassieke voorbeeld is waar die man die huis verlaat het en nie onderhoud aan sy vrou betaal nie. Daar is egter nie 'n huweliksgeding hangende nie, met ander woorde Reël 43 aansoeke kan nie gebring word nie. Hoe word die onderhoudsplig in hierdie omstandigheid afgedwing?

Vir die beantwoording van hierdie vraag sal ek die bespreking in twee afdelings verdeel. Eerstens sal ek wys op die statutêre maatreëls en tweedens na eise buite om die statutêre maatreëls.

1.5.2.2 Statutêre maatreëls in die Provinsies

1.5.2.2.1 Inleiding

Voor die Wet op Onderhoud² is die posisie in die vier provinsies afsonlik gereël. Om doelmatigheidsoorwegings behandel ek die provinsiale wetgewing saam.

1.5.2.2.2 Provinsiale Wetgewing

In die Kaap³ en Natal⁴ is die posisie deur wetgewing gereël. In Transvaal⁵ en die Vrystaat⁶ was die aangeleentheid deur Ordonnansies gereël met dieselfde krag van wette as in die ander twee provinsies.

Die bepalinge van die verskillende provinsiale wetgewings is feitlik woordeliks dieselfde en sal ek telkens slegs na die Kaapse Wet verwys. Indien die ander provinsiale bepalinge hiervan wesenlik verskil, sal ek dit vermeld.

-
1. I 1 5 1.
 2. Wet 23 van 1963.
 3. The Deserted Wives and Children Protection Act, Wet 7 van 1895.
 4. The Deserted Wives and Children Protection Act, Wet 10 van 1896.
 5. Ordonnansie 44 van 1903 (T).
 6. Ordonnansie 51 van 1903 (O).

Artikel 1¹ maak dit onder andere 'n oortreding vir 'n persoon wat wettiglik verplig is om 'n ander te onderhou indien eersgenoemde met opset laasgenoemde verwaarloos en laasgenoemde 'n verwaarloosde persoon word. By skuldigbevinding skryf artikel 1 ook die strawwe voor.

Artikel 2² gee aan 'n landdros onder andere die bevoegdheid om indien 'n man ~~sy~~ vrou sonder rede verlaat of haar verlaat sonder lewensmiddele, om die man te dagvaar om aan te toon hoekom hy haar nie hoef te onderhou nie.

Beide die Transvaalse³ die Vrystaatse⁴ Ordonnansies het 'n omskrywing van die begrip "desert" wat nie in die ander twee se wetgewing voorkom nie.

Artikel 3⁵ magtig die landdros om 'n ondersoek te hou na die klagte ingevolge artikel 2 en indien die vrou sonder lewensmiddele is, 'n onderhoudsbevel te maak.

Beide die Ordonnansies van die Transvaal en die Vrystaat het 'n uitbreiding op artikel 3. In Artikel 3(2)⁶ word die bevoegdheid aan 'n landdros verleen om die bevel wat ingevolge artikel 3(1) uitgereik is te wysig op aanvraag van enige van die persone ten gunste van wie of ten laste van wie die bevel uitgereik is, indien daar bewys is dat die finansiële posisie van dié verander het sedert die oorspronklike of gewysigde bevel gemaak is.

Artikel 3(3)⁷ maak ook voorsiening daarvoor dat 'n bevel opgehef kan word deur 'n landdros indien daar nie meer redes bestaan vir die bevel nie.

Artikel 4(1)⁸ van die twee Ordonnansies bevat die bepaling dat 'n onderhoudsbevel nie gegee mag word aan 'n vrou wat owerspel gepleeg het en nie gekondoneer is nie. Ook mag die bevel teruggetrek word indien die vrou na uitreiking van 'n onderhoudsbevel owerspel pleeg.

Uit dié bepaling vind mens 'n masjinerie wat deur die wetgewer geskep is om die onderhoudsplig in die laerhowe te erken en af te dwing.

-
1. Wet 7 van 1895.
 2. Wet 7 van 1895.
 3. Art 2 van Ord 44 van 1903 (T).
 4. Art 2 van Ord 51 van 1903 (O).
 5. Wet 7 van 1895.
 6. Ord 44 van 1903 (T) en 51 van 1903 (O).
 7. Ord 44 van 1903 (T) en 51 van 1903 (O).
 8. Ord 44 van 1903 (T) en 51 van 1903 (O).

Dit bring my dan by die doel waarvoor hierdie wetgewing ingevoer is.

1.5.2.2.3 Doel van die wetgewing

Die doelstellings van die verskeie wetgewing kan soos volg saamgevat word:

1. Dit skep 'n goedkoop en vinnige proses om die onderhouds-aanspraak te erken of af te dwing.¹
2. Hierin opgesluit word die onderhoudsaanspraak stante matrimonio erken.²
3. Dieselfde vereistes vir die bestaan van 'n onderhoudsaan-spraak stante matrimonio soos gestel in die gemenereg geld, naamlik:
 - a. 'n behoefte moet bestaan;³
 - b. die aanspraakmaker (vrou) moet nie skuldig wees aan ongegronde verlating nie;⁴
 - c. die aanspraakmaker en onderhoudspligtige moet wettig getroud wees;⁵
 - d. die onderhoudspligtige moet instaat wees om onderhoud te verskaf.⁶
4. 'n Groot verskil van die gemeenskaplike verpligting tot onderhoud tussen eggenotes het egter bestaan omdat hierdie proses slegs tot die beskikking van die vrou en kinders bestaan het met uitsluiting van die man wat ook onder-

-
1. Brooks v Brocks 1901 HCG 113 120, Davis v Rex 1909 EDL 149 155-156, Campbell v Campbell 1956 3 SA 234 (N) 235.
 2. Davies v Rex 1909 EDL 149 155-156, Adams v Abrahams 1918 CPD 24 26, Sandberg v Krone 1921 CPD 395 397, De Wet v Silberbauer 1923 CPD 1 3, Perumal v Panyalayi 1943 NPD 154 156, Price v Price 1948 1 SA 518 (SR) 520. Hoewel hierdie 'n Zimbabwese beslissing is en handel oor die Deserted Wives and Children Protection Act. Ch 173 van 1963 het hierdie Wet dieselfde strekking 'as die provinsiale wetgewing. Campbell v Campbell 1956 3 SA 234 (N) 235 237.
 3. Campbell v Campbell 1956 3 SA 234 (N) 235 237.
 4. Ramsay v Ramsay 1910 TS 182 184, Price v Price 1948 1 SA 518 (SR) 520, Steinmann v Steinmann 1948 3 SA 930 (N) 933 936, Campbell v Campbell 1956 3 SA 234 (N) 235.
 5. Murison v Murison 1923 NPD 5 7, Perumal v Panyalayi 1943 NPD 154 156-157.
 6. Arts 1 en 3 van Wet 7 van 1895, arts 1 en 3 van Wet 10 van 1896, arts 1 en 3(1) van Ord 44 van 1903 (T), arts 1 en 3(1) van Ord 51 van 1903 (O), De Wet v Silberbauer 1923 CPD 1 3, Slabbert v Harmse 1923 CPD 187 190, Miller v Miller 1940 CPD 466 469.

houdsbehoefdig kon wees.¹

1.5.2.3 Die Wet op Onderhoud, Wet 23 van 1963

1.5.2.3.1 Inleiding

In 1963 het die wetgewer die Wet op Onderhoud, 1963, uitgevaardig wat die afsonderlike wetgewing in die provinsie afgeskaf het.² Tans word onderhoudsaangeleenthede in die onderhoudshof deur hierdie Wet beheer. Die Wet het in werking getree op 22 Januarie 1965.³

1.5.2.3.2 Die tersaaklike bepalings van die Wet

Artikel 4 magtig 'n onderhoudsbeampte om klagtes met betrekking tot onderhoud te ondersoek en om 'n onderhoudshof in te stel.

Artikel 5 handel oor die bevoegdheid van 'n onderhoudshof by 'n ondersoek of onderhoud onder andere verskuldig is of nie.

Artikel 11(1) lê strawwe neer vir versuim om 'n onderhoud na te kom en artikel 11(3) skep die verweersgronde op 'n aanklag in terme van artikel 11(1).

Die bewoording van hierdie Wet verskil in sekere opsigte van sy voorgangers, wat verrykende gevolge het. Kortliks wil ek die aandag op die volgende vestig:

1. Anders as sy voorgangers praat hierdie Wet van "'n persoon wat regtens verplig is om 'n ander te onderhou" en "in gebreke bly om daardie ander persoon te onderhou".⁴

Die Wet maak nie slegs voorsiening vir die vrou en kinders om onderhoud van die man of vader te verhaal nie, maar erken die onderhoudsaanspraak - en verpligtinge wat buite die bestek van die provinsiale wetgewing geval het.⁵

2. Anders as sy voorgangers is dit nie 'n vereiste van Wet 23 van 1963 dat die man die vrou moes verlaat het nie, maar kan 'n onderhoudsgeregtigde ook in gevalle sonder verlating aanspraak maak op onderhoud.⁶ Hierdie benade=

-
1. Vgl arts 2-3 van Wet 7 van 1885, arts 2-3 van Wet 10 van 1896, arts 2-3(1) van Ord 44 van 1903 (T), arts 2-3(1) van Ord 51 van 1903 (O), Price v Price 1948 1 SA 519 (SR) 520 ook vir die posisie in Zimbabwe.
 2. Art 16(1) van die Wet.
 3. Proklamasie No R15 van 1965, Regulasiekoerant No 444 van 22 Januarie 1965.
 4. Art 4(1)(a).
 5. Vgl o a die bewoording van art 2 van Wet 7 van 1895 met art 4 van Wet 23 van 1963.
 6. Vgl art 2 van Wet 7 van 1885, terwyl die vereiste van verlating nie in Wet 23 van 1963 gestel word nie.

ring is in ooreenstemming met die onderhoudsplig.

Die gedagte is voorts om ook na die doelstellings van hierdie Wet te kyk.

1.5.2.3.3 Doelstellings van die Wet op Onderhoud¹

Die doelstellings van hierdie Wet stem in 'n groot mate ooreen met sy provinsiale voorgangers.²

Eerstens skep dit net soos die provinsiale wetgewing 'n vinnige en goedkoop prosedure om onderhoudsbevele te verkry.³

Tweedens het hierdie Wet ten doel om ook die taaklas van die hooggeregshof te verlig deur onderhoudskwessies in die onderhoudshof te besleg.⁴

Derdens het dit ten doel om te verseker dat onderhoud gereeld aan die onderhoudspligtige verskaf word.⁵

Vierdens erken dit die gemeenregtelike onderhoudsaanspraak tussen eggenotes stante matrimonio. Hierdie aanspraak word erken wanneer artikels 4(1)(a) en 5(4)(a) saamgelees word. Daarom dat die hofe dit by meer as een geleentheid gestel het dat waar geen onderhoudsbevel bestaan nie, die onderhoudshof in terme van die Wet alleenlik 'n onderhoudsbevel kan uitvaardig indien daar 'n gemeenregtelike plig tot onderhoud bestaan. Dit is om hierdie rede dat 'n onderhoudshof, wanneer vaderskap betwis word vir onderhoud van 'n buite-egtelike kind, die hof eerstens moet vas-

1. Wet 23 van 1963.

2. Hierbo I 1 5 2 2 3.

3. Troskie v Troskie 1968 3 SA 369 (W) 371, Sher v Sher 1978 4 SA 728 (W) 729-730, Johnson v Tiger 1979 1 SA 920 (NK) 291, Dreyer v Dreyer 1984 2 SA 483 (O) 486. Vgl ook S v Rahman 1974 3 SA 280 (RAA) 282 wat dieselfde doelstelling aangee vir die Zimbabwese Maintenance Act, Wet 15 van 1971. Kyk ook P J J Olivier Die Suid-Afrikaanse Persone- En Familiereg 2e Uitg deur A H Barnard en D S P Cronjé 1980 228, J D van der Vyver en D J Joubert Persone- En Familiereg 2e Uitg 1985 529, A H Barnard D S P Cronjé en P J J Olivier Die Suid-Afrikaanse Persone- En Familiereg 1986 176.

4. Troskie v Troskie 1968 3 SA 369 (W) 371, S v Sephiri 1981 2 SA 837 (BH) 838.

5. S v Petersen 1966 4 SA 675 (K) 677, S v Kelder 1980 4 SA 747 (Z) 752, Dreyer v Dreyer 1984 2 SA 483 (O) 486.

stel of die verweerder die vader van die kind is.¹ Net so wanneer die huwelik betwis word, moet die vraag of die pligtige inderdaad wettig met klaagster getroud is, eers ondersoek word voordat 'n onderhoudsbevel uitgevaardig kan word.²

Met die erkenning van die onderhoudsaanspraak tussen eggenotes deur dié Wet, geld die gemeenregtelike beginsels (algemene beginsels) vir inwerkingtreding van die aanspraak³ en die kwantifisering daarvan.⁴

Hiermee volstaan ek vir sover dit die statutêre erkenning en afdwinging van die onderhoudsaanspraak tussen eggenotes betref.

Vervolgens wy ek die aandag aan die afdwinging van die onderhoudsaanspraak buite om die statutêre masjinerie in die Hooggeregshof.

1.5.2.4 Onderhoudseise buite die statutêre maatreëls

Die aangeleentheid wat hier bespreek word handel oor die vraagstuk of 'n eggenoot buite om die statutêre maatreëls hierbo⁵ bespreek, 'n eis of aansoek vir afdwinging van die onderhoudsaanspraak na die Hooggeregshof direk kan bring.

Die gemeenregtelike skrywers werp wel nie lig op beantwoording van hierdie vraag nie. Die aansoek om onderhoud word deur hulle behandel hangende 'n egskeidingsgeding of 'n geding om geregtelike skeiding,⁶ maar nie alleenstaande nie. Die verwysing na Voet hierbo⁷ kan geïnterpreteer word in die sin dat onderhoudsaansoeke alleenstaande gebring kan word.⁸

-
1. Moodley v Gramani 1967 1 SA 118 (N) 119, Perumal v Naidoo 1975 3 SA 901 (N) 903, Park v De Necker 1978 1 SA 1060 (N) 1061.
 2. Park v De Necker 1978 1 SA 1060 (N) 1061.
 3. Dieselfde beginsels geld as wat hierbo onder 1 5 1 geskets is.
 4. Moodley v Gramani 1967 1 SA 118 (N) 119.
 5. I 1 5 1, I 1 5 2 2, I 1 5 2 3.
 6. G van Wassenaer Practijk Judicieel ofte Instructie op de forme en manier van Procederen voor Hoven en Recht-Banken 1669 1148, PGFPN Merula Manier van Procederen, In de Provintien van Holland Zeeland ende West-Vriesland, belangend Civile Zaaken 1705 4 37 16, T Boey Woorden-Tolk of Verklaring der Voornaamste Onduitsche en Andere woorden in de heden daagsche en aloude Rectspleginge voorkomende 1773 s v "alimentatie", J Voet, Commentariorium Ad Pandectas 1827 25 3 13, H Brouwer, De Iure Connubiorum Libri Duo In Quibus Iura Naturae, Divinum, Civile, Canonicum, Prout De Nuptiis Agunt, Referuntur, Expenduntur, Explicantur 1e Uitg vertaal deur P van Warmelo en F J Bosman 1967 2 29 6.
 7. Vn 6.
 8. Vgl Stern v Stern 1928 WLD 148.

Die gevolg hiervan was dat ons howe onderhoudsaansoeke of eise, losstaande van 'n geding hangende vir egskeiding of geregtelike skeiding, met agterdog bejeën maar tog nie uitdruklik verwerp het nie.¹

Dit is my mening dat so 'n aksie of aansoek na die hooggeregshof gebring sal kan word. Bloot omdat die gemenerereg nie hierdie geval spesifiek behandel nie is na my mening nie genoegsame rede om aan te voer dat die hooggeregshof nie in hierdie omstandigheid jurisdiksie het nie en nie die aanspraak sal afdwing nie.²

'n Volgende argument, wat die howe nie aanvaar nie, voer aan dat die Wet op Onderhoud, 1963³, die jurisdiksie van die hooggeregshof ten aansien van hierdie proses ontnem het.⁴

Hoewel die hooggeregshof onder hierdie omstandighede die aanspraak sal afdwing en jurisdiksie daarvoor het, kan die applikant of eiser van hierdie proses weerhou word omdat die hof moontlik 'n kostebevel teen die

-
1. Van der Merwe v Van der Merwe 1926 EDL 248 248-249, Abramacos v Abramacos 1953 4 SA 474 (SR) 476. Regter Barry in Stern v Stern 1928 WLD 148 150, verwysende na Voet is egter van mening dat so 'n aansoek, en in gevalle waar 'n aksieprosedure meer gepas is, na die hooggeregshof gebring kan word. In die sake van Ex Parte Russel 1910 CPD 12 en Ex Parte Bodenstern 1916 CPD 738 het die hof die aansoek toegestaan sonder dat die problematiek geopper is.
 2. Dit is ook die gevolgtrekking waartoe E Spiro Law of Parent and Child 3e Uitg 1971 373, P Q R Boberg The Law of Persons And The Family 1977 293 vn 18, P J J Olivier Die Suid-Afrikaanse Persone-En Familiereg 2e Uitg deur A H Barnard en D S P Cronjé 1980 229-230, H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 139 en A H Barnard D S P Cronjé en P J J Olivier Die Suid-Afrikaanse Persone-En Familiereg 1986 177 kom.
 3. Hierbo I 1 5 2 3 en die provinsiale wetgewings as sy voorgangers, hierbo I 1 5 2 2 2.
 4. Kyk Ramsay v Ramsay 1910 TS 182 186 waar die hof van mening is dat ingewikkelde gevalle eerder deur die hooggeregshof behandel moet word. Nagevolg in Stern v Stern 1928 WLD 148, Steinmann v Steinmann 1948 3 SA 930 (N) 933-934. In Mocke v De Klerk 1932 CPD 218 220 is die afleiding dat omdat die aansoeker ingevolge die wetgewende masjinerie nie dominus litis van die proses is nie, daar die moontlikheid moet bestaan om na die hooggeregshof ook te kan kom. Hierdie argument is na my mening tot 'n groot mate oorbrug deur art 7 van die Wet op Onderhoud, 1963. Kyk ook vir nog gesag Price v Price 1948 1 SA 518 (SR) 520, Abramacos v Abramacos 1953 4 SA 474 (SR) 476, Sher v Sher 1978 4 SA 728 (W) 729-730, S v Sephiri 1981 2 SA 837 (BH) 838. Om bogemelde siening te versterk kyk ook Davidson v Davidson 1936 WLD 33 36, R v Kinear 1957 2 SA 105 (T) 106.

suksesvolle eiser sal gee. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat die Wet op Onderhoud, 1963, onder andere juis geskep is om die taaklas van die hooggeregshof te verlig.¹

Hierdie gevolgtrekking maak ek op grond van beslissings waar agterstalige onderhoud in die hooggeregshof verhaal is terwyl daar 'n ander proses ingevolge artikel 110 van die Algemene Regsreviseringswet, 1935,² was.³ Die hof sal egter van hierdie afskrikmiddel afsien indien daar geregverdigde omstandighede of redes bestaan om die aansoek of aksie direk na die hooggeregshof te bring.⁴ Omdat hierdie omstandighede en redes legio kan wees word geeneen by name genoem nie.

1.6 VERBLYFREG IN DIE GESINSWONING

Die aspek wat ek hier wil nagaan behels 'n ondersoek na die aanspraak wat 'n eggenoot het om in die gesinswoning te bly. Is hierdie aanspraak deel van die onderhoudsaanspraak of staan dit los hiervan?

Aanvanklik neem die hof⁵ die standpunt by monde van regter Price in, dat die eggenoot aan wie die huis in eiendomsreg behoort, die ander eggenoot die verblyfreg kan ontsê.

"A wife is surely entitled to possession of her own property, and a husband has no better right to occupy such property than any stranger."⁶

Die regter vermy egter die implikasie wat die huwelikstaat hierop mag hê.

-
1. Hierbo I 1 5 2 3 3 op 36.
 2. Wet 46 van 1935.
 3. Soos vervang deur art 11 van die Wet op Onderhoud, 1963. Kyk Davidson v Davidson 1936 WLD 33 36, Meiring v Holmes 1936 WLD 66 68, Goldberg v Goldberg 1938 WLD 83 85-86, Davis v Davis 1947 3 SA 111 (W) 115, Burger v Burger 1948 2 SA 978 (K) 981, R v Becker 1951 2 SA 162 (T) 164, Hoffmann v Hoffmann 1964 1 SA 746 (K) 750, Sher v Sher 1978 4 SA 728 (W) 729-730.
 4. Ramsay v Ramsey 1910 TS 182 186, Davidson v Davidson 1936 WLD 33 36, Sher v Sher 1978 4 SA 728 (W) 729-730.
 5. Hamman v Hamman 1949 1 SA 1191 (W).
 6. 1194.

Regter Vieyra¹ meen dat regter Price se standpunt te wyd en nie korrek is nie.² Hy is van mening dat omdat die partye getroud is, beide 'n verblyfreg in die gesinswoning het en dat 'n eggenoot alleen die verblyfreg ontsê kan word indien hy of sy 'n huweliksoortreding begaan het.³

Die huwelik skep dus verblyfregte vir die nie-eienaar.⁴

'n Reg word dus aan die nie-eienaar toegeken om daarin te bly maar word nie in duidelike terme verder verklaar nie. Ook die verpligting van die eienaar word nie nader toegelig nie, behalwe die feit dat die huwelik 'n reg op inwoning aan die ander party verskaf.⁵

Is hierdie reg of verpligting, 'n onderhoudsreg of verpligting of het dit 'n ander grondslag?

Twee Zimbabwese beslissings werp hieroor meer lig en omdat die gemenereg van Zimbabwe ook die Romeins-Hollandse reg is, kan daar met vrug hierop gelet word.

In Cattle Breeders Farm (Pvt) Ltd v Veldman⁶ verwys hoofregter Beadle⁷ na die Engelse saak van National Provincial Bank Ltd v Ainsworth⁸ waar die verblyfreg in die gesinswoning as 'n gevolg van die huwelikstaat gegee word en nie as 'n vergunning van die eggenoot aan wie die woning behoort nie.⁹

Hierdie samewoningsreg en verblyfreg is dus 'n onveranderlike gevolg van die huwelik,¹⁰ en is nie deel van die onderhoudsaanspraak of verpligting nie.¹¹

-
1. Badenhorst v Badenhorst 1964 2 SA 676 (T).
 2. 679.
 3. 679.
 4. Kyk ook Owen v Owen 1968 1 SA 480 (OK) 483, D. Plessis v Du Plessis 1976 1 SA 284 (W) 287.
 5. 483.
 6. 1974 1 SA 169 (RAA).
 7. 170.
 8. [1965] 2 All ER 472 (HL).
 9. 485.
 10. Vgl o a Van Oosten v Van Oosten 1923 CPD 409, Excell v Douglas 1924 CPD 472 476-477, Laubscher v Leiserowitz Bros 1940 2 PH A 52 (K).
 11. Kyk na my mening ook Buck v Buck 1974 1 SA 609 (R) 610.

In nog meer sekere terme word hierdie standpunt deur regter Macaulay in Whittingham v Wittingham¹ weergegee.

Applikant het aansoek gedoen, nie om respondent uit die woning te verdryf nie, maar om alle meubels, persoonlike besittings en die motor, wat aan applikant behoort het, te oorhandig. Respondent het gemeen deur hierdie goed te neem sy in alle geval van haar verblyfreg ontnem word. Die Hof gee haar gelyk² en haal die volgende, ook uit National Provincial Bank Ltd v Ainsworth³ aan:⁴

"But, on the other hand, having regard to the duty of the spouses to live together the Court does not, during the subsistence of the marriage, merely give effect to the strict legal and equitable rights of a spouse qua owner of the property as though the spouses were strangers. Recognizing the obligations of the spouses to live together, the Court will only make orders with regard to the occupation of the matrimonial home subject to those obligations."

Regter Macaulay betuig sy instemming met respondent se beswaar in die volgende woorde:⁵

"The wife's right cannot be reduced to the empty shell of the matrimonial home, without reference to the husband's obligation and ability to support her in accordance with their social standing and mode of living."

Die gevoltrekking wat ek maak wil ek so verduidelik. Soos hieronder op gewys⁶ omsluit die begrip "onderhoud" ook onder andere huisvesting aan die onderhoudsgeregtigde. Wanneer die partye getroud is, sal hierdie huisvesting wat voorsien word normaalweg die gesinswoning beliggaam. Sodra die onderhoudsplygtige hierdie woning aan die onderhoudsgeregtigde beskikbaar stel, volvoer hy sy onderhoudsplyg in hierdie opsig en word die onderhoudsgeregtigde se onderhoudsaanspraak nou met 'n samewoningsverplichting vervang. Hierdie verplichting, en as teenkant reg, is 'n onveran-

-
1. 1974 2 SA 636 (R).
 2. 637.
 3. [1965] 2 All ER 472 (HL) 483.
 4. 637.
 5. 637.
 6. II 3 4 2 3 2, II 3 4 2 3 5.

derlike gevolg van die huwelikstaat.

Word die huwelikswoning verkoop of verstryk die huurtermyn verval die gesinswoning en tree die onderhoudsaanspraak weer na vore met onder andere as inhoud die verskaffing van 'n gesinswoning.¹

Regter Macaulay maak nie 'n onderskeid tussen die huwelikswoning en die roerende bates (soos byvoorbeeld ameublement) daarbinne nie. Hy verwys by twee geleenthede na die meubels as "an important part of the matrimonial home".² Tog sê hy³ dat die samewoningsplig ook die onderhoudsplig invoer ten opsigte van die onderhoud van die gemeenskaplike huishouding en dat "any decision on occupation of the matrimonial home and the conditions of that occupation must be governed by these obligations.

Consequently, whether the respondent is entitled to retain the furniture in a situation where the husband is not seeking her eviction from the matrimonial home owned or hired by him, is a matter which ultimately resolves itself into the question whether it is right and proper that his duty to support her should continue in this form, due regard being had to their social position and mode of living, his financial ability to allow her to continue in the use of the furniture in the matrimonial home and her own means of contributing to her maintenance in that home."⁴

Die gevolg is, soos ook blyk uit die aanhaling direk hierbo, dat wanneer 'n eggenoot aansoek doen hetsy om algehele uitsetting van die ander party uit die gemeenskaplike woning, hetsy om teruggawe van roerende bates wat deel uitmaak van die gemeenskaplike woning, twee verskillende aansprake van die respondent eers oorweeg moet word om vas te stel of hulle regtens beskerm moet word, voordat die gevraagde bevel met sukses gegee kan word.

-
1. Whittingham v Whittingham 1974 2 SA 636 (R) per Macaulay op 638: "As the lease terminates at the end of March, the matrimonial home would then cease to exist and the respondent's right would become the simple one of maintenance..... unencumbered by any consideration of the right to remain in the matrimonial home."
 2. 638.
 3. 637.
 4. 637.

Eerstens is daar die verblyfreg in die gesinswoning¹ en tweedens is daar die onderhoudsaanspraak² wat voorsiening maak vir die noodsaaklike lewensmiddele.

Uit die gesag nagegaan, met die uitsondering van Hamman v Hamman³ wat ook as verkeerd aanvaar is,⁴ lyk dit vir my of die Howe nie 'n verskil maak tussen die gronde vir opheffing van die verblyfreg⁵ en die opheffing van die onderhoudsaanspraak nie.⁶

Die verblyfreg geld slegs teenoor die ander eggenoot en nie teenoor derdes nie.⁷

In die gewysdes hierbo bespreek was die partye telkens buite gemeenskap van goed getroud. Sover my navorsing strek kon ek geen geval vind waar die nie-eienaar aansoek gedoen het om uitsetting van die eienaar nie. Daar is na my mening geen struikelblok in die weg van die nie-eienaar om ook met so 'n aansoek te slaag nie, omdat die geskil nie gaan oor die uitoefening van eiensdomsreg nie maar oor die beskerming van die reg op inwoning. Sou die eienaar van die woning, die uitoefening van die inwoningsreg van die nie-eienaar deur sy gedrag en optrede skend, is dit my submissie dat in gepaste gevalle die Hof 'n uitsettingsbevel van die eienaar kan gelas. Na analogie hiervan behoort 'n uitsittingsbevel van een van die partye ook te kan slaag, waar hulle binne gemeenskap van goed getroud is.

-
1. Vgl ook Cattle Breeders Farm (Pvt) Ltd v Veldman 1974 1 SA 169 (RAA) 170.
 2. Whittingham v Whittingham 1974 2 SA 636 (R) 637.
 3. 1949 1 SA 1191 (W).
 4. Badenhorst v Badenhorst 1964 2 SA 676 (T) 679.
 5. Badenhorst v Badenhorst 1964 2 SA 676 (T) 679, Cattle Breeders Farm (Pvt) Ltd v Veldman 1974 1 SA 169 (RAA) 170, Buck v Buck 1974 1 SA 609 (R), Du Plessis v Du Plessis 1976 1 SA 284 (W) 287-288, Lovell v Lovell 1980 4 SA 90 (T) 92-93.
 6. Owen v Owen 1968 1 SA 480 (OK) 483, Whittingham v Whittingham 1974 2 SA 636 (R) 637 638.
 7. Kyk H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 144. Die Wet op Huweliksgoedere Wet 88 van 1984 hoofstuk III skaf die maritale mag af en in hierdie opsig bring dit veranderinge tot o v die huwelik binne gemeenskap van goed. Die man kan nou nie meer die gesinswoning wat deel van die gemeenskaplike boedel vorm alleen van die hand sit nie. Kyk art 15(2) van die Wet op Huweliksgoedere Wet 88 van 1984.

Word die huwelik ontbing deur egskeiding, verval die verblyfreg van die party wat nie 'n regstitel in die woning het nie. Is die huwelik een binne gemeenskap van goed word daar met die woning gehandel ingevolge die reëls wat die verdeling van die gemeenskaplike boedel beheer. Is die huwelik een buite gemeenskap van goed is die eggenoot wat die titel besit geregtig op die alleen beskikking van die eiendom.¹ Ingevolge artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding² besit die howe die bevoegdheid om onder sekere omstandighede in laasgenoemde geval wel die gesinswoning aan die nie-eienaar toe te ken, maar omdat die howe nie oor die bevoegdheid beskik om in die normale geval die gesinswoning uitsluitlik aan een eggenoot op grond van 'n vrye diskresie te mag toeken nie, bestaan daar in hierdie opsig ten minste 'n groot leemte in ons reg, en kan hierdie 'n geval wees waar 'n vrye regterlike diskresie tot groot verligting kan dien,³ en kan daar met vrug na die Engelse reg gekyk word.⁴

Dit kan daarmee volstaan word dat eggenotes in die Suid-Afrikaanse reg, 'n reg op verblyf in die gesinswoning het, afgesien van die feit dat die eiendomsreg in die ander party gesetel mag wees. Hierdie verblyfreg is 'n onveranderlike gevolg van die huwelikstaat en losstaande van die onderhoudsaanspraak, desnieeteenstaande dit baie nou hiermee saamhang.⁵

1.7 TUSSENTYDSE GEDINGKOSTE

Is die funderingsgrondslag van tussentydse gedingkoste wat een eggenoot van die ander eggenoot kan eis, wanneer hulle in 'n huweliksgeding met mekaar betrokke is, gegrondves op die onderhoudsaanspraak wat die een teenoor die ander mag hê?

By die aanvang van die ondersoek na die regsfundering van hierdie aan-

-
1. H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 386.
 2. Wet 70 van 1979 soos ingevoer deur art 36(b) van die Wet op Huweliksgoedere, Wet 88 van 1984.
 3. Vgl hieronder II 2 B 1 1 6 3 2, II 2 B 1 1 6 4 2, II 2 2.
 4. Hieronder II 2 A 3 6 4 2 4.
 5. Dit is interessant om daarop te let dat H R Hahlo The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 386 ook praat van dat "... each spouse is entitled to occupation of the matrimonial home by virtue of the marriage relationship," Op 144 beskryf hy die verblyfreg so: "Her occupation 'is not by licence of her husband but is sui generis'."

spraak dien dit gemeld te word dat daar twee stadia is wanneer gedingkoste ter sprake kan kom. Die een stadium verteenwoordig daardie gevalle waar die applikant 'n aansoek tot die hof rig vir 'n bevel dat respondent die tussentydse gedingkoste van applikant (wat hetsy eiser hetsy weerder in die hoofgeding kan wees) moet betaal. Dit is hieraan waaraan ek die aandag wy. Die ander stadium is wanneer daar geen aansoek tot die hof vir tussentydse gedingkoste gemaak word nie, maar na afhandeling van die hofgeding kostes daarvoor verhaal word. (Natuurlik waar die hof geen bevel gemaak het nie). Hierdie aspek laat ek daar.¹

Drie tekste van die Corpus Iuris Civilis word aangevoer as erkenning vir die aanspraak van tussentydse gedingkoste tussen eggenotes.

Al drie die tekste verleen die reg tot interim onderhoud vir lewensbehoefte tot afhandeling van die geskil. D 5 2 27 3 bevat ook woorde wat tussentydse gedingkoste mag insluit, terwyl C 7 19 7 3 uitdruklik bepaal dat die slaaf geregtig is op 'n deel van die bates wat in geskil is vir onder andere gedingkoste en lewensonderhoud indien hy geen ander middele het nie. Telkens het die bates wat in geskil geplaas is as bron van hierdie vordering gedien.

Hoe het die gemenereskrywers hierdie aanspraak verklaar?

Leyser³ 'n Duitse juris van die agtiende eeu⁴ verwys na tussentydse gedingkoste⁵ en meld dat die billikheid die voorsiening hiervan mag vereis.⁶

Hy herbevestig dit in Sp 84 5 en voeg by dat byna dieselfde ratio vir die bestaan van gedingkoste as vir die bestaan van tussentydse onderhoud ten grondslag lê. Hy maak hierdie onderskeid op sterkte van Surdu⁷

-
1. Kyk hieronder in die algemeen N Ogilvie Thompson 1928 SALJ 453, J P Yeats 1945 THR-HR 41, 1954 ASSAL 59, H R Hahlo 1963 SALJ 469, The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 426 vne 74 en 75.
 2. D 36 4 14, D 5 2 27 3, C 7 19 7 2 en 3.
 3. Meditationes ad Pandectas vol II 1778.
 4. 1683-1752.
 5. Sp 84 2, 84 3.
 6. Sp 84 3.
 7. De Alimentis tit 1 Cap 20 n 10.

waar Surdus meen dat tussentydse onderhoud eerder as tussentydse gedingkoste in geval van behoefte toegeken word.¹

Op grond van hierdie onderskeid wat hy maak, wil ek beweer dat hy dit as twee aparte aansprake sien en nie die aanspraak vir tussentydse gedingkoste as 'n inhoudsbevoegdheid van die onderhoudsaanspraak tipeer nie. Verwysende na die drie Corpus Iuris Civilis tekste is hy van mening dat hulle op grond van die billikheid gegrondves is.²

Leyser meld verskillende gevalle waar die aanspraak om tussentydse gedingkoste erken word.³

Hierdie gevalle wissel van 'n geval waar 'n party beveel was om gedinguitgawes aan 'n arm teenparty te betaal sonder om melding van die verhouding tussen die partye te meld tot gevalle waar aan 'n seun gedingkoste toegestaan word om 'n geding te voer teen sy vermeende vader om vaderskap te bewys en sodoende onderhoud te kan eis.⁴ In hierdie groep gevalle is daar geen bewese onderhoudsaanspraak wat as moontlike fundering vir gedingkoste kan dien nie en lyk dit ook vir my of alleen die billikheid as fundering kan dien om toe te sien dat 'n geding enduit gevoer word, sonder dat die armoede van een van die partye as struikelblok kan geld.

Daar word ook gevalle vermeld waar hierdie aanspraak erken is, waar daar wel 'n bewese onderhoudsaanspraak tussen die partye bestaan het. So vermeld Leyser die geval waar 'n man aan sy vrou tussentydse gedingkoste moes voorsien het, in 'n aksie waarin die man haar van owerspel beskuldig het. Geen melding van die huweliksgoederebedeling word egter gemaak nie.⁵

Op grond van hierdie wye spektrum van gevalle waarin tussentydse gedingkoste voorsien is, wil ek juis die bewering hierbo⁶ bevestig dat tussentydse gedingkoste nie 'n inhoudsbevoegdheid van die onderhoudsaanspraak is nie. Die enigste oorkoepelende funderingsbasis vir hierdie wye verskeidenheid van gevalle is die billikheid, en moes gedingkoste as 'n aanspraak sui generis beskou gewees het.

-
1. Dit mag gemeld word dat die verwysing na Surdus foutief is.
 2. Sp 84 6.
 3. Sp 84 8 9 11.
 4. Vgl Sp 84 11.
 5. Vgl Sp 84 11.
 6. 45-46.

Wanneer Leyser spesifiek na die toekenning van gedingkoste tussen eggenotes verwys¹ verwys hy die leser na die bespreking in Sp 84, veral Sp 84 11 hierbo² bespreek. In hierdie gedeelte tref Leyser geen onderskeid tussen die huwelik binne en buite gemeenskap van goed nie. Intendeel hy maak geen melding van die feit oor hoe die partye getroud is nie.

In Sp 84 7³ stel hy die vereistes waaraan die applikant moet voldoen voordat die aanspraak erken sal word.

Eerstens, moet die aansoeker behoefdig wees en nie van ander die fondse kan ontvang nie; tweedens, moet hy 'n billike eisorsaak hê; en derdens, moet daar geen verweer blyk te wees wat die eis kan uitsluit nie.

Daar word geensins enige kwalifikasie op wie die aansoeker mag wees geplaas nie, en word dit weer eens nie beperk slegs tot eggenotes nie. Ander juriste skryf ook oor tussentydse gedingkoste en verwys ook na talle voorbeelde waarin dit toegeken is, maar nie in dieselfde omvang as Leyser nie.⁴

Een uitsondering is Van Wassenaer⁵ wat baie dieselfde vereistes vir 'n geslaagde aansoek stel as wat Leyser aantoon⁶ en gee die volgende fundering vir die aansoek:⁷

"Dit versoek om by provisie te hebben van onderhoud ende midde-
 len om het proces te vervolgen, ten eynde niemand van sijn recht
 door armoede worde versteken, is in reden gefundeert,

-
1. Meditationes ad Pandectas vol V 1778 Sp 313 6.
 2. Hierbo 46.
 3. Vgl ook Sp 313 8.
 4. Joost de Damhouder De Praktycke of Gebruyk Zoo van Civile als Criminele Zaken vertaal deur K van Nispen 1656 144 e v, P Merula Manier van Procederen, In de Provintien van Holland, Zeeland ende West-Vriesland, Belangende Civile Zaken 1705 4 37 2 16.
 5. Praktyk Judicieel, ofte Instructie op de forme van Procederen voor Hoven ende Rechtsbancken, so in't generaal, als in verscheyden particuliere materien, meest voorvallende, Daer by gevoeght sijn de voornaemste questien en incidenten op ieder materie passende 1660.
 6. 10 33.
 7. 10 35.

want volgens dit oude knuppel-vers Causae perduntur quae paupertate reguntur : ende komt dikwels te pas in causa divortii, als een man en vrou tegen malkanderen procederen tot scheidinge..... Item als een weduwe eyscht haar lijftochte ende scheidinge, een vader, moeder ofte kind hare erffnisse ende successie, item executeurs van een testament, mogen desgelijx versoeken provisie tot prosecutie van het recht ende proces, doch niets also als sy self hebben om af te leven ende te prosequeren,

Hy verwys dus na verskeie gevalle waar die aansoek kan slaag. Dit gaan nie net oor gedinge tussen eggenotes nie, en vir almal word die fundering geplaas op die onbillikheid wat armoede in 'n regsgeeding kan meebring. Dit toon na my mening dieselfde fundering as wat Leyser aantoon.¹

Die afleiding is na my mening geregverdig dat as aan die vereistes hierbo gestel vir die aansoek² voldoen is, die aansoeker, wie hy ookal mag wees en wat die geskil ookal ingehou het, geregtig was op tussentydse gedingkoste. Dit bewys na my mening dat die gemeeneregskrywers hierdie aanspraak as 'n aanspraak sui generis beskou het, wat op die billikheid gefundeer is.

Daar is na my mening geen fundering in die gemeenregtelike gesag deur my nagegaan, om tot die gevolgtrekking te kom dat die aanspraak, 'n inhoudsbevoegdheid van die onderhoudsaanspraak was nie.

In die Suid-Afrikaanse reg word verskeie funderingstandpunte, waar die partye binne gemeenskap van goed getroud is, gevind. In een van die vroegste beslissings³ erken regter-president Buchanan hierdie aanspraak sonder om enige rede aan te voer.⁴

Regter Laurence⁵ maak geen onderskeid tussen die huwelik binne- en buite gemeenskap van goed nie, en fundeer die aanspraak as "...that out of this property the wife has a right to maintenance and impliedly to the means of obtaining redress for any wrong she has suffered in the conjugal relation."⁶

1. Hierbo 45.

2. Hierbo 47.

3. Harper v Harper 1887 HCG 247.

4. Ook sonder gesag erken in Bloem v Bloem 1869 Buch 68, Colborne v Colborne 1880 NLR 31, Stage v Stage 1883 SC 229, Cox v Cox 1884 NLR 134, Eaton v Eaton 1886 EDL 236, Wannenberg v Wannenberg 1902 TH 161 164, Thompson v Thompson 1924 CPD 264 265, Greyling v Greyling 1959 3 SA 967 (W), Madden v Madden 1962 4 SA 654 (T), Brown v Brown 1970 2 SA 625 (W).

5. Harper v Harper 1887 HCG 247.

6. 251.

Hierdie fundering kan myns insiens op ten minste twee maniere geïnterpreteer word. Eerstens, kan dit beteken dat die eggenote uit die boedel 'n reg op onderhoud het en ook daaronder begrepe die aanspraak op gedingkoste. Die aanspraak op gedingkoste vorm dus deel van die onderhoudsaanspraak.¹ Tweedens, kan die woorde uitgelê word as menende dat benewens 'n onderhoudsaanspraak daar ook 'n aanspraak vir gedingkoste bestaan.

Daar kan myns insiens met oortuiging geargumenteer word op sterkte van die gemeenregtelike gesag nagegaan, dat hierdie aanspraak nie deel vorm van die onderhoudsaanspraak nie.²

Regter De Wet in Weinerlein v Weinerlein³ gee as fundering aan die feit dat helfte van die bates aan applikant behoort. Hierdie regserkende belang fundeer dan die eis.⁴

Weer eens is die gevolgtrekking waartoe ek uit die gemenereg kom, nie hiervoor gesag nie. Soos na verwys⁵ maak onder andere nóg Leyser nóg Wassenaer melding van die huweliksgoederebedeling. Was 'n regserkende belang in die bates 'n voorvereiste om te kwalifiseer sou hulle sekerlik tog dit gemeld het.

Regter Ogilvie Thompson⁶ voer na my mening aan dat die aanspraak, 'n aanspraak sui generis is.⁷

Hahlo⁸ huldig 'n middeweg-standpunt in dié sin dat hy die aanspraak op die aandeel in die gemeenskaplike boedel en die onderhoudsaanspraak, fundeer.

Daar heers beslis nie eenstemmigheid oor die fundering van die aanspraak

1. Kyk vir bevestiging van hierdie standpunt Botes v Botes 1969 3 SA 168 (R) 170, Opperman v Opperman 1975 3 SA 337 (O) 338.
2. Hierbo 46-48.
3. 1933 WLD 174 176.
4. Kyk ook Boezaart en Potgieter v Wenke 1931 TPD 70 84-85, per afleiding Pieterse (Born Kirsten) v Pieterse 1944 OPD 224 225, Motatamoli v Motatamoli 1946 OPD 316 319 320, Von Broembsen v Von Broembsen 1948 1 SA 1194 (O) 1197, Glazer v Glazer 1959 3 SA 928 (W) 931, Griesel v Griesel 1981 4 SA 270 (O) 272.
5. Hierbo 46 47-48.
6. Van Rippen v Van Rippen 1949 4 SA 634 (K) 637-638.
7. Kyk ook Bell and Hutton and Dower v Wentzel 1914 EDL 308 319, Shifren v Shifren 1933 OPD 105 107, Butterworth v Butterworth 1943 WLD 127 129, Reid v Reid 1951 1 SA 765 (OK) 768 769-770.
8. The South African Law of Husband And Wife 5e Uitg 1985 425.

nie. Deur die ondersoek verder te voer en te kyk na die fundering hiervan by die huwelik buite gemeenskap van goed mag daar dalk meer lig op die onderwerp gewerp word.

Vele uitsprake erken die aanspraak ook by die huwelik buite gemeenskap van goed maar gee geen fundering aan nie.¹

Drie funderingstandpunte kan hier onderskei word.

Eerstens, is daar die gewysdes wat die standpunt huldig dat die aanspraak gefundeer word op 'n regserkende belang in bates wat deur die respondent beheer word.²

Die fundering van die aanspraak werk bevredigend in gevalle waar daar 'n gemeenskaplike boedel is of indien die partye buite gemeenskap van goed getroud is, die applikant bates in sy boedel het wat deur respondent beheer word, maar gee geen bevredigende verklaring vir die gevalle waar ons Howe die aanspraak ook erken waar die applikant geen sodanige bates het nie of waar die gemeenskaplike boedel ook geen bates inhou nie.

Regter Schreiner in Butterworth v Butterworth³ probeer hierdie leemte in die funderingstandpunt, waar partye buite gemeenskap van goed getroud is en applikant geen aparte boedel het nie, so oplos:⁴

"Where there are no realisable assets and the costs of the action and the maintenance will have to be paid out of the earnings of the parties, and more particularly of the husband, it does not seem to me to matter whether they are married in or out of community. In the ordinary course of things under our economic system it is likely that the husband will be the only earner of cash, the wife's activities, though no less important in supporting the family, not being ordinarily assessable on a money basis. It does not, therefore, seem equitable that where a matrimonial dispute arises the wife who is married out of community of property should be less entitled than her sister married in community to rely upon her husband's earnings to

-
1. Eaton v Eaton 1886 EDL 236 238, Harper v Harper 1887 HCG 247, Jopling v Jopling 1899 SC 480 482, Wannenberg v Wannenberg 1902 TH 161 164, Van Schalkwyk v Van Schalkwyk 1925 OPD 1 2-3.
 2. Henning v Henning 1893 SAR 48 48-49, Van Gorkom and Noonan v Davies 1914 TPD 572 575. Dieselfde standpunt is ook geopper by die huwelik binne gemeenskap van goed hierbo 49.
 3. 1943 WLD 127.
 4. 129-130.

provide the funds necessary to meet legal costs and to maintain her pendente lite. And the same would apply where during a marriage out of community realisable assets have been acquired as a result of both the man's cash earnings and the woman's management of the household. Such assets are not in my opinion to be regarded for the purpose of these applications as the absolute property of the husband merely because the cash with which they have been purchased came from his salary or wages."

Die fundering van die aanspraak as 'n regs-erkende belang in die bates, word nou slegs vir hierdie aansoeke verwring en ontvorm om selfs 'n regs-erkende belang in die bates van die ander eggenoot met wie daar buite gemeenskap van goed getroud is te vestig. 'n Belang wat tog nie op enige regs-erkende fondament, destyds berus het nie. Die enigste sinvolle insig wat uit hierdie dictum blyk, is dat die regs-erkende belang in bates as fundering nie 'n sinvolle fundering vir die aanspraak waar daar geen bates aanwesig is nie, is.

Tweedens, is daar die gewysdes wat die standpunt huldig dat die aanspraak 'n inhoudsbevoegdheid van die onderhoudsaanspraak is.¹

In Lyons v Lyons² plaas dieselfde regter Mason³ wat in Van Gorkom and Noonan v Davies⁴ in 'n obiter dictum die fundering geplaas het op 'n regs-erkende belang in bates, die fundering nou ook op die onderhoudsaanspraak.⁵

Miskien wyk hy af van sy aanvanklike mening op soortgelyke gronde as die kritiek wat hierbo⁶ gestel is. Verder beperk hy die aanspraak ook

-
